Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Julie 2021

AfriForum Tydskrif




# 15 JAAR

#StaanSaam #SkepHoop #VegEnBou

ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

# ALTYD WAARDE VIR GELD

AfriForum-lede kwalifiseer vir

20%-korting met 'n bespreking

DREAM
HOTELS & RESORTS







PIEKENIERSKLOOF MOUNTAIN RESORT | Blue Marlin HOTEL | LITTLE SWITZERLAND RESORT | LE FRANSCHHOEK HOTEL & SPA | NIBELA LAKE LODGE

# KRY NOG MEER HIERDIE WINTER

# 30%

# AF

# BY




FINFOOT
LAKE RESERVE

Vaalkop Dam, Noordwes




Aanbieding geldig vir Junie-Augustus 2021

Vir verdere inligting en besprekings, kontak die sentrale

besprekingskantoor by:

Tel: 0861 010 347 | E-pos: reservations@dreamresorts.co.za

# Redakteursbrief

Alet Rademeyer – redakteur

@AletRademeyer



As ek deesdae in die strate van Pretoria en in klein dorpies op die platteland ry en ek sien vrywilligers, nié munisipale werkers nie, hard besig om slaggate op te vul, sypaadjies met grawe skoon te skraap, en gras en takke in parke te sny, dan kry ek 'n krieweling van trots.

Ja. Trots. Want dan sien ek iets in ons mense wat – net soos ons voorgeslagte – in die oggend opstaan, 'n koppie boeretroos drink en sê: "Te hel met hierdie gemors rondom ons. As julle wat nou aan bewind is met ons belastingbetalers se swaar verdiende geld in knus stoele met gevoude hande bly sit, dan staan ons op en doen dit self!" En dis wat AfriForum-lede, -ondersteuners en -vrywilligers die afgelope 15 jaar doen.

Dis die onblusbare gees van verset en weiering om aan 'n onregverdige en onsimpatieke bestel onderdanig te wees wat maar keer op keer opvlam.

As ek ons mense so sien woeker en plant en oral opbou eerder as afbreek, dan sien ek altyd iemand wat iewers iets klein begin het en dit tot iets asembenemend uitgebou het. Klein begin is uiteindelik tog groot gewin.

Ek sien altyd iemand wat 'n hand opsteek en sê: "Ek sal. Ek wil. Ek kan."

Dis in die meerderheid van ons mense se gene en hierdie saadjie en later plantjie word kleintyd reeds ook in skole geplant en water gegee. Ek sien my sub A- en sub B-juffrouens, met hul kromgewerkte vingers en gryskoppe vol wysheid, in my geestesoog wat altyd aanmoedig, bemoedig en stil-stil 'n werkkultuur oordra: "Wie gaan vandag vir ons die bord skoonmaak? Wie gaan al die papiere in die snippermandjie gooi? Wie gaan die appels uitdeel? Wie gaan asseblief juffrou se waterbeker volmaak ...?" En altyd is daar flukse handjies in die lug en jillende stemmetjies: "Ek wil! Ek wil! Ek wil!"

Daar is duisende vrywilligers wat vandag nog wil én doen. En dit is danksy elkeen van hulle dat alles in die land nog nie in duie gestort het nie. Ons veg elke dag teen verval en agteruitgang.

Natuurlik is dit nie regverdig dat daar van vrywilligers verwag word om die werk van staatsdiensamptenare te doen nie. Maar wat is die onmiddellike alternatief op die mislukking van staatsbestuur vir nou? Ons moet sover ons kan ons eie dienste lewer totdat 'n ander model van onafhanklikheid van die staat en selfbestuur ten volle ontwikkel is.

> **As julle wat nou aan bewind is met ons belastingbetalers se swaar verdiende geld in knus stoele met gevoude hande bly sit, dan staan ons op en doen dit self!**

Mense kan egter ook aanhou mor en besluit om niks te doen nie. Die gevolge hiervan is egter te katastrofies om aan te dink. In elk geval was dit nog nooit vir hardwerkende Afrikaners 'n opsie nie.

In hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* fokus ons juis op alles wat AfriForum-lede en -vrywilligers die afgelope maande – maar veral oor die laaste 15 jaar – bereik het deur self te doen. Terwyl ons werk, maak ons dit egter ook duidelik dat ons nie verlief neem met die ANC-regering se klappe na minderheidsgroepe nie, hoewel ons geld oënskynlik altyd goed genoeg is. Daarom het AfriForum met 'n belastingveldtog begin.

Daar is ook ander maniere van verset. Ons moet ons eie mense meer en beter ondersteun en help waar ons kan. Daarom dat AfriForum voortgaan met die skep van unieke inisiatiewe soos AfriForum Teater, entrepreneurskompetisies, die uitbou van AfriForum Sakenetwerk, ondersteuning van die dienstemaatskappy Pionier wat aangestel word om broodnodige werk by water- en rioolaanlegte in sukkelende dorpe aan die gang te kry, en die versterking van ons veiligheidstrukture om gemeenskappe meer paraat te kry.

Die munisipale verkiesing vind vanjaar in Oktober plaas en in aanloop daartoe kan reeds gesien word hoe politici alles in hul vermoë doen om die guns en steun van die mense te wen sodat daar tog net weer kruisies agter hul naam getrek word. Dit is tragies dat mense weer met T-hemde en kospakkies omgekoop sal word om vir amptenare te stem wat nie 'n duit kan omgee of daar lopende water in hul krane is nie.

Terwyl hierdie drama reg oor die land sal afspeel, sal óns mense voortgaan met dit wat hulle goed kan doen, naamlik om planne te maak en hard te werk sodat ons steeds volhoubaar kan voortgaan.

Mense vra baie keer: "Maar hoe kan ons betrokke raak?" Die antwoord is eintlik heel eenvoudig. Begin by jou eie huisgesin. As dinge daar reg loop, kyk dan na jou buurman en dan na jou gemeenskap. Die nood is groot en die werk meer as genoeg.

Groetnis
Alet

**SAGARIA 4:10**

Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie. Die mense sal bly wees wanneer hulle sien Serubbabel gaan aan met die bouwerk.

# Binnekant

Forum Tydskrif | Julie | Uitgawe 24




**12** AfriForum is vanjaar 15 jaar oud.

AfriForum se vrywilligers maak ons sterk. **20**

## 24
**Waterprobleme**
AfriForum help gemeenskappe met waterprobleme.

## 28
**Slaggate**
Dorpsinwoners spring self in om slaggate op te vul.

## 31
**Takke**
Honderde hektaar gras is gesny.

## 38
**Geregtigheid**
Adv. Gerrie Nel en span soek geregtigheid vir gesinne.

## 40
**Privaat vervolging**
Thandi Modise is nog nie skotvry.

## 42
**Erfenis**
Want ons erfenis is vir ons mooi.

## Veldtogte

**22**
**Vuurwapens**
AfriForum beveg konsepwysigings met hand en tand.

**48**
**Entrepreneur van die jaar**
Sakeman gee goeie raad vir jong beginners.

**51**
**Boelies**
Skoliere kry wenke om teen boelies op te staan.

AfriForum-lede moet asseblief laat weet of hulle *Forum Tydskrif* aanlyn wil lees of per pos wil ontvang. Adresveranderings of navrae rondom lidmaatskap kan ook gestuur word na **ledesake@afriforum.co.za** of **navrae@forumtydskrif.co.za**.


**26**
**Bekende**
Jonathan van Radio Raps hou van AfriForum.

**46**
**Vermaak**
Nuwe film deur Forum Films beloof om lagspiere te prikkel.

**56**
**Kubane**
Solidariteit baklei teen Kubane wat Suid-Afrikaners se werk vat.



# DIE SPAN

AfriForum

**Redakteur**
Alet Rademeyer
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Jhua-Nine Wyrley-Birch
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise@solidariteit.co.za
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Simoné Perry
**Rekeninge**
William Waugh

**Medewerkers**
Kallie Kriel
Ernst Roets
Alana Bailey
Ilze Nieuwoudt
Sue-Ann de Wet

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum

**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za

*Forum Tydskrif* het die ABC se eienaarlidmaatskapstatus verkry.


## Wie is AfriForum?

AfriForum is 'n burgerregte-inisiatief binne die groter Solidariteit Beweging. Die organisasie beywer hom vir sowel die uitbouing en instandhouding van burger-, minderheids-, mense- en grondwetlike regte as die vestiging van selfstandige gemeenskappe. AfriForum beroep hom op internasionale beginsels oor kulturele vryheid en minderheidsregte. Agtien instellings vorm deel van die Solidariteit Beweging. Dit sluit onder meer die vakbond Solidariteit, AfriForum, die diensorganisasie Helpende Hand, die tegniese opleidingsentrum Sol-Tech, die telematiese hoëronderwysinstelling Akademia, die bemagtigingsfonds Solidariteit Groeifonds, die Solidariteit Beleggingsmaatskappy, die Solidariteit Eiendomsmaatskappy, Solidariteit Finansiële Dienste, die Solidariteit Navorsingsinstituut, die internetgedrewe mediahuis Maroela Media, Kraal Uitgewers en die FAK in.

## Wat sê Forum-lesers

*Forum*-lesers is baie welkom om aan die gesprek deel te neem en kort briewe aan ons te skryf. Kommentaar op sowel die inhoud as artikels word verwelkom. Stuur ook gerus voorstelle oor hoe ons die inhoud kan verbeter of onderwerpe waaroor julle eerder sal wil lees. Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za.**
– **Redakteur**

### CATHERINE VAN ALPHEN

Every Friday I eagerly reach for my computer to read your exciting newsletter! I have been a member of AfriForum for more than two years now and though I have relocated to Britain to spend my retirement years with my children and grandchildren, my heart is still in South Africa and Cape Town where I lived and worked for more than 70 years.

I am truly inspired by the courageous and visionary work that your team is doing! It reminds me of the Greek Legend of Hercules who had to perform twelve labours as a punishment from the gods. The one that seems to fit is that of Hercules cleaning out the Augean Stables. Instead of digging up the mountains of horse dung, he cleverly diverted the river so that it flowed through the stables, washing the muck out on to the fields where it could fertilise the land and leaving the stables fresh and clean!

What excites me in what you are doing is training people to take responsibility for themselves in whatever sphere they are working! As you say in your video: "Iemand moet dit doen."

Your work in encouraging cooperation with communities and the police is brilliant! This is proving to everyone that by pulling together we can build friendship and trust, as well as achieve our goals!

I pray daily that more and more people of all races in South Africa will awaken to the opportunities for peace and prosperity that you are demonstrating in all your projects. I also pray that soon all people will stand up for honesty, truth and justice and demand an end to this corruption in South Africa.

Thank you, AfriForum, for your clarity, hard work and your commitment. You are giving us hope!

I salute you!

### JAN PHILLIPS

Dankie vir *Forum Tydskrif.* Danksy die tydskrif sien ons die daadwerklike aksies van AfriForum teen korrupsie en wanbestuur. 'n Groot teleurstelling is die vryspreking van Thandi Modise vir die afgryslike dieremishandeling op haar plaas. Hopelik sal adv. Gerrie Nel die saak na 'n hoër hof verwys.

(Adv. Nel en die privaat-vervolgingseenheid gaan inderdaad teen die uitspraak appelleer. – Redakteur




van Dana Snyman se boek

is **Koos Vorster** van Derby in Noordwes, **Mariaan Lourens** van Nelspruit in Mpumalanga en **Ester le Grange** van Bloemfontein in die Vrystaat.

### Audrey Bierman, 'n AfriForum-lid, het hierdie gedig ingestuur:

In Afrikaans sê ons: Baie dankie.
Ons vra mooi: Asseblief.
In Afrikaans kan ons ons trane stort
of verklaar: Ek het jou lief.

Afrikaans is meer as net 'n taal:
Afrikaans is wie ons is.
Jy kan die taal uit ons skole haal,
maar sal dit nooit uit ons hart kan wis.

Ons vaders het vir die taal geveg
met gewere, op 'n perd,
en elke druppel bloed en sweet
was ons erfenis werd.

Dis my kind se eerste "Mamma";
my tafelgebed saans;
dis my kuier om 'n braaivleisvuur;
dis die Voortrekkers en hul waens.

Dis die Groot Trek en sy osse;
dis die veg vir 'n plek in die son.
Dis Laurika se "Mannetjies Roux"
en Steve se "Blou Ballon".

Dis Langenhoven se skrywes;
Dalene Matthee se bos.
Dis Coenie de Villiers wat vertel
van die son in elke tros.

Dis Eugène Marais se *Winternag;*
my ouma se *Kook en Geniet;*
dis melktert en basaarpannekoek;
dis Sondag se gewyde lied.

In Afrikaans luister ek radio,
ek boks saam met Gerrie Coetzee.
In Afrikaans kyk ons *Liewe Heksie*
en glimlag vir die "prinses-feë".

In Afrikaans soengroet ons ooms en tannies
en ons speel blindemol.
En op die plaas kan ons in 'n trekkerband
van die hoogste wal af rol.

Hoeveel van die dinge
sal kinders vandag van weet?
Dis ons plig om te bewaar en
onthou – ons mag dit nooit vergeet!


AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES
Belê in jou toekoms
STUDEER NAUURS
terwyl jy werk of ander belangstellings nastreef
AANSOEKE VIR STUDIES IN 2022 OOP
Besoek www.akademia.ac.za vir meer inligting
Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# #AfriForum15

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum



AfriForum het 15 jaar gelede sy eerste openbare verskyning gemaak in 'n artikel wat op 26 Maart 2006 in *Rapport* gepubliseer is oor die stigting van 'n nuwe Afrikaanse organisasie genaamd AfriForum. Die gesoute joernalis wyle ZB du Toit het dié geskiedkundige artikel geskryf.

Ek onthou nog dat ZB in sy vooraf gesprek met my genoem het dat hy dink AfriForum 'n wesenlike rol sal kan speel as die organisasie oor 10 000 lede beskik. Dié organisasie het natuurlik met sy stigting geen lede gehad nie, met 'n personeelkorps van slegs drie (ekself, Alana Bailey en Annatjie Wirth) gespog en oor beperkte hulpbronne beskik.

Hoewel ons drie vasberade was om 'n suksesvolle organisasie te bou, het AfriForum se groei en suksesse die afgelope 15 jaar ons stoutste verwagtinge ver oortref.

Vandag kyk AfriForum met dankbaarheid terug na die talle suksesse wat dié organisasie die afgelope 15 jaar met genade van Bo en die ondersteuning van duisende lede op internasionale, nasionale en plaaslike vlak behaal het.

Ons is ook trots daarop dat AfriForum se aktiewe ledetal pas die 285 000-kerf verbygesteek het. AfriForum beskik tans oor meer as 180 personeellede en 'n verdere 100 uitgekontrakteerde diensleweraars. Ons het 159 buurtwagte en 156 takke landwyd. Meer as 12 500 vrywilligers vorm ook die hart van AfriForum se aktiwiteite op plaaslike vlak.

Al bogenoemde suksesse is natuurlik nie die werk van enkelinge nie, maar 'n spanpoging waarin elkeen van AfriForum se meer as 285 000 lede 'n sleutelrol gespeel het en steeds speel. Dit is ons lede wat AfriForum sterk maak. Sonder lede is AfriForum niks.

Ons is ook dankbaar teenoor God vir die genade dat AfriForum tot dusver kon regkry wat menslik gesproke onmoontlik gelyk het. Ook AfriForum se direksie, personeel en plaaslike leiers se roepingsgedrewe harde werk speel 'n sleutelrol in ons sukses.

AfriForum sien uit na die volgende 15 jaar, waarin ons saam met die Solidariteit Beweging sal voortgaan om ons driebeensuksesresep aan te wend om 'n toekoms te bou waarin ons en ons nageslag blywend vry, veilig en voorspoedig kan voortbestaan aan die suidpunt van Afrika. Hierdie driebeensuksesresep behels die volgende: 1. Ons word gedryf deur ons roeping om 'n beter toekoms te skep (#AfriForumSkepToekoms); 2. Ons werk volgens 'n prakties uitvoerbare veg-en-bou-plan (#AfriForumVegEnBou); en 3. Ons beskik oor die uitvoerende vermoë om die plan te kan uitvoer (#AfriForumKan).

**Roeping** is AfriForum se "geheime wapen", aangesien die wete dat jy aan iets groter as net jouself werk, dit vir gewone mense soos ons moontlik maak om in moeilike omstandighede buitengewone suksesse te behaal.

> **Ons is ook dankbaar teenoor God vir die genade dat AfriForum tot dusver kon regkry wat menslik gesproke onmoontlik gelyk het.**

Die **veg-en-bou-plan** behels kortliks dat AfriForum vír geregtigheid en téén agteruitgang veg, en dat ons terselfdertyd prakties op voetsoolvlak alternatiewe werklikhede bou wat dit vir ons gemeenskap moontlik maak om met 'n groeiende mate van selfstandigheid en selfbestuur na ons eie belange om te sien.

Indien AfriForum nie oor die **uitvoerende vermoë** beskik om bogenoemde plan uit te voer nie, sal ons goeie plan net 'n nuttelose oefening in kreatiewe skryfwerk wees. AfriForum se meer as 285 000 lede bring 'n groter uitvoerende vermoë teweeg as waaroor enige ander burgerregteorganisasie in die Suidelike Halfrond beskik.

Hoewel AfriForum baie trots is op wat die afgelope 15 jaar bereik is, besef ons in nederigheid dat daar nog baie is wat gedoen moet word. Ons voorgeslagte het telkens groot uitdagings oorkom en ons sal dit weer regkry. In dié verband bied AfriForum en die Solidariteit Beweging se gevorderde planne om sterk selfstandige ankergemeenskappe te help skep, waarin ons gemeenskappe hulle toekoms in hul eie hande neem, hoop vir die toekoms. AfriForum se planne vir groeiende outonomie vir die Wes-Kaap bied ook opwindende moontlikhede.

Ons kan dus, ten spyte van die regering se wanbestuur en korrupsie, self 'n beter toekoms bou. Die Solidariteit Beweging se nuwe Sol-Tech-kampus, die graadkursusse wat Akademia aanbied, AfriForum se nuwe teater en AfriForum se 159 buurtwagte en 156 plaaslike takke se selfdoenprojekte is maar enkele van die lewende selfdoenmonumente wat bewys dat selfstandigheid nie 'n dagdroom is nie.

Dankie aan AfriForum-lede wat hierdie selfstandigheid deurlopend help uitbou en daarmee bewys dat daar hoop vir die toekoms is.

## #MyVuurwapenIsMyne

Een van die grootste uitdagings in AfriForum se 15-jarige bestaan is die huidige hernieude pogings van die owerheid om wettige vuurwapeneienaars se selfverdedigingswapens te onteien. Hiervoor sê AfriForum hard en duidelik néé! Juis daarom gaan AfriForum die ANC-regering se ontwapeningsplanne beveg met alles wat ons het.

Wat my persoonlik betref het ek 'n beginselbesluit geneem dat ek nooit my selfverdedigingswapen sal inhandig nie. As ek moet kies tussen die vermoë om my gesin te kan beskerm of onderdanigheid aan 'n owerheid wat nie sy burgers kan beskerm nie, kies ek my gesin.

# AfriForum maak 'n impak!



Ernst Roets – AfriForum se hoof van Beleid en Aksie

Wie sou 15 jaar gelede kon dink dat AfriForum vandag so 'n invloedryke organisasie sou wees? Aan die begin van 2006 was AfriForum nog net 'n idee waarvan 'n handvol mense kennis gedra het. In 2021 is AfriForum nie net die grootste burgerregteorganisasie in Afrika nie, maar ook sover ons kan vasstel in die Suidelike Halfrond.

Kallie Kriel vertel die verhaal van sy gesprekke met 'n aantal rolspelers voor die stigting van AfriForum. Een van hierdie gesprekke was met die politieke joernalis ZB du Toit. Du Toit het die opmerking gemaak dat indien AfriForum daarin kan slaag om 'n organisasie met 10 000 lede te wees, dit 'n daadwerklike impak sal maak. In daardie stadium het dit soos 'n verbeeldingsvlug gevoel. Aan die begin (toe ek nog as vrywilliger by AfriForum Jeug betrokke was) is personeelvergaderings sommer in Kallie se kantoor gehou. Aanvanklik het almal gesit. Later het party gesit en party gestaan. Met verloop van tyd het al die mense nie meer in die kantoor gepas nie en moes AfriForum die groot stap neem om 'n raadsaal vir personeelvergaderings te bespreek. Kantoorspasie was voortdurend 'n probleem, want net wanneer die kantoor ingerig is, word nóg mense aangestel en dan is daar weer te min plek. Op 'n dag in 2013 het ek in die gang met Kallie oor hierdie uitdaging gesels. Kallie het dié opmerking gemaak: "Jy sal sien. Hier gaan eendag 'n honderd mense by AfriForum werk." Ek het gelag, gehoop dat hy reg is, maar ook gedink dat dit 'n bietjie vergesog is.

Vandag het AfriForum meer as 285 000 lede wat elke maand 'n bydrae tot die organisasie maak. As 'n mens in ag neem dat baie van hierdie lede hul families verteenwoordig, is AfriForum se onmiddellike steun veel groter. Dan praat ons nog nie van mense wat AfriForum se aktiwiteite ondersteun, maar nog nie aangesluit het nie. In 2014 het AfriForum sy drieverdiepinghoofkantoor in Centurion ingehuldig. Vroeër vanjaar is die organisasie se streekkantoor in Kaapstad óók ingehuldig.

Al hierdie goed is eintlik maar net aanwysers van AfriForum se groei. AfriForum bestaan nie om lede te werf, takke te stig of geboue in te huldig nie. Om die waarheid te sê, AfriForum se doel is nie eers om te groei nie. AfriForum is 'n middel tot 'n doel, of anders gestel, 'n voertuig wat ons nader aan 'n doel moet bring. In die proses is dit belangrik om die voertuig te diens, op te gradeer en te versterk. Daarom was dit van die begin af een van AfriForum se kernprioriteite om die organisasie te laat groei.

AfriForum se doel is duidelik. Ons visie is dat Afrikaners vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan. Ons doen dit met 'n dubbele strategie: Ons veg én bou. Dit beteken dat ons téén ongeregtigheid veg om die bestaande werklikhede te beïnvloed. Ons veg teen plaasmoorde, onteiening sonder vergoeding, drakoniese inperkingsregulasies, rassediskriminasie, haatspraak, die verwaarlosing van die omgewing en vele ander. Terselfdertyd besef ons dat om bloot teen die bestaande werklikhede te veg nie vir ons 'n volhoubare toekoms gaan skep nie. Daarom is AfriForum se langtermynstrategie nie om bloot te veg nie, maar ook om te bou. Ons bou instellings, netwerke, strukture en wat ook al nodig is om ons te bemagtig om op 'n meer volhoubare wyse 'n toekoms te skep.

Ons doen dit op die beginsels van wedersydse erkenning en respek, asook vreedsame naasbestaan. Dit behels dat AfriForum trots is op sy verbintenis met Afrikaners, maar terselfdertyd dat ons nie Afrikanerskap wil bevorder deur konflik met ander gemeenskappe nie, maar samewerking waar ons kan.

> "Ons doen dit eerstens deur seker te maak dat ons baie meer doen as wat ons praat.

Dit is terselfdertyd vir AfriForum belangrik om 'n geloofwaardige instelling te wees wat ernstig opgeneem en gerespekteer word. Ons doen dit eerstens deur seker te maak dat ons baie meer doen as wat ons praat. Natuurlik moet 'n mens praat ook. Ons moet beplanning doen, werkswinkels hou, debatte in die openbaar voer en ons met talle ander "praataktiwiteite" besig hou. Maar ons besef dat praat nie veel gaan bereik nie. Daarom hou ons ons hoofsaaklik besig met aksies, veldtogte en projekte wat 'n daadwerklike verskil in die gemeenskap maak.

AfriForum is nie volmaak nie. Ons het al foute gemaak en gaan sekerlik in die toekoms ook foute maak, maar ons besef wat ons geheime wapen is: ons gemeenskap. Solank as wat AfriForum geanker is in en in voeling is met die gemeenskap, is ons optimisties oor die toekoms!

# Dankie vir 15 jaar se vrywilligers



## Julle is ons taal en kultuur se lewensasem!

Alana Bailey – AfriForum se hoof van Kultuursake

Ná 15 jaar se sukses op die terrein van erfenis, taal en kultuur is dit noodsaaklik om erkenning te gee aan die mense wat dit moontlik gemaak het, naamlik AfriForum se vrywilligers. Sommige stuur donasies of skakel deurlopend by projekte in, terwyl ander betrokke raak waar hulle hulp op daardie oomblik nodig is. Sodoende sorg almal vir die lewensasem van ons taal en kultuur – veral omdat hulle deur 'n liefde vir die saak aangedryf word.

'n Treffende voorbeeld van hierdie soort betrokkenheid is aksies wat in Maart vanjaar op vele erfenisterreine in die land afgespeel het. Spanne taklede van AfriForum en ander vrywilligers het begraafplase, monumente en erfenisterreine skoongemaak. Soms het die gras byna hoër as hulle koppe gestaan voor hulle begin het, maar dit het hulle nie afgeskrik nie. Hulle werk is nie alleen 'n inspirasie vir ons nie, maar het ook interessante terreine opnuut onder die publiek se aandag gebring.

Vrywilligers speel ook 'n noodsaaklike rol ná die vernietigende Kaapse brand wat die historiese Mostert se Meule op 18 April 2021 ernstig beskadig het. Hoewel die meule, wat uit ongeveer 1796 dateer, in staatsbesit is, is 'n groep vrywilligers al jare lank betrokke by die onderhoud van die toerusting. Voor die brand was dit die enigste oorblywende werkende windmeul suid van die Sahara in Afrika. Die ruïne van die gebou het letterlik nog gesmeul toe van dié vrywilligers al op die terrein was om te sorg dat onderdele wat herbruik kan word, nie geplunder word nie. Binne enkele dae is dié gedeeltes met die nodige toestemming verwyder en beveilig, en die mure met seile bedek om reënskade aan die struktuur te voorkom. 'n Nasionale en internasionale fondsinsamelingsprojek is van stapel gestuur en inligting word gereeld op die amptelike webtuiste opgedateer om te verseker dat die publiek weet hoe die restourasiewerk vorder. Donateurs, wat AfriForum insluit, ontvang skrywes om hulle te bedank.

Ek kon nie anders as om te dink aan 'n ander historiese gebou wat in 'n brand beskadig is nie, naamlik die Goodnow-saal in Wellington. Dit is op die Wellington-kampus van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT) geleë. Die saal is in 1886 opgerig en was dekades lank die hart van musiek- en kultuurlewe in Wellington. Uitgebreide restourasiewerk het dit in 1996 tot sy eertydse glorie herstel, maar op 26 Oktober 2016 is dit tydens studenteprotesaksies aan die brand gesteek. Teen Junie 2017 moes AfriForum en die organisasie Vriende van die Wellington Museum die KSUT met optrede dreig om te verseker dat die struktuur minstens teen reënskade beveilig word.

> **Gemeenskappe rol moue op om hulle erfenis saam met AfriForum te bewaar.**

Op Heilbron het vrywilligers die dorpsmuseum by die plaaslike owerhede teruggeneem om dit self in stand te hou en te bedryf. Só is daar talle voorbeelde reg oor die land waar gemeenskappe moue oprol om hulle erfenis saam met AfriForum te bewaar.

Dieselfde geld vir kultuurbeoefening en taal.

Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) het op 14 Augustus 1875 in die Paarl tot stand gekom. Hierdie groep het vergader om oor 'n Bybelvertaling in Afrikaans te praat. Deesdae word soms beweer dat hulle Afrikaans vir eie ambisies en gewin "gekaap" het, maar vir hierdie vrywilligers sou dit veel makliker én meer lonend gewees het om bloot aan te hou om Nederlands en Engels te praat, eerder as om dié taak aan te durf. In prof. J.C. Steyn se boek *Ons gaan 'n taal maak* vertel hy: "Die klein groep Afrikaners van die Paarl wat onder die leiding van ds. S.J. du Toit die taal tot skryftaal probeer verhef het, is aanvanklik bespot, gehoon en gedreig ... Daar is gedreig met teer-en-veer, sambok en bedorwe eiers, pap tamaties en selfs 'doodskiet'." Tog het hulle volhard en is Afrikaans een van net vier tale wat in die 20ste eeu tot volle funksionele taal – oftewel hoëfunksietaal – ontwikkel het.

Organisasies soos AfriForum kan strategieë ontwikkel, projekte befonds en wêreldwye beste praktyke ondersoek, maar as 'n betekenisvolle aantal mense die aksies nie vrywillig ondersteun nie, is dit tot mislukking gedoem. Dit is die sprekers van die taal wat Afrikaanse produkte soos boeke, musiek, tydskrifte en koerante koop en daardeur letterlik kos op die skeppers daarvan se tafels hou. Dit is die publiek wat kulturele byeenkomste ondersteun, deelneem aan skryf- en digkompetisies, help met die aanbied van funksies, aandring op moedertaalonderrig ... kortom, lewe blaas in alle pogings wat taal en kultuur dinamies laat ontwikkel om dit volhoubaar te laat voortbestaan.

AfriForum het die grootste dank en waardering vir elke vrywilliger wat ons in staat stel om van ons erfenis-, taal- en kultuuraksies 'n sukses te maak. Danksy julle kan ons nageslag as die Here wil van 'n ryk erflating verseker wees.

#HELPJAG



# Is jy 'n jagter met 'n hart vir liefdadigheid?

**Hierdie jagseisoen kan jy help om meer as 8 000 kleuters te voed!**

Vir meer inligting gaan besoek gerus die webtuiste

**www.helpjag.co.za**

HelpJag-Facebook-blad

VELD TOT VURK

WILD JAG GAME HUNT EST '94

EK IS JAGTER APPEL EST 1987

BAKKIES The Butcher

WANT JY IS BOER SEDERT 1652

# Van klein begin tot groot waghond in 15 jaar

*Vyftien jaar gelede het die AfriForum-droom klein begin met 'n artikel wat op 26 Maart 2006 in* Rapport *oor die stigting van 'n "nuwe forum" gepubliseer is. Dié organisasie het met sy stigting geen lede gehad nie en slegs oor drie personeellede en beperkte hulpbronne beskik. In die afgelope dekade en 'n half het die organisasie hom as 'n gerekende burgerregtewaghond gevestig. Alet Rademeyer berig.*

AfriForum het vandag meer as 285 000 aktiewe lede, meer as 180 personeellede en 'n verdere 100 uitgekontrakteerde diensleweraars. Daar is ook 159 buurtwagte en 156 takke landwyd, en meer as 12 500 vrywilligers wat die hart vorm van AfriForum se aktiwiteite op plaaslike vlak.

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is die tientalle suksesse wat al behaal is nie die werk van enkelinge nie, maar 'n spanpoging waarin elkeen van AfriForum se lede 'n sleutelrol gespeel het en steeds speel. "Dit is lede wat AfriForum sterk maak. Sonder lede is AfriForum niks. Juis daarom wil AfriForum elkeen van ons lede uit die diepte van ons hart bedank. AfriForum se suksesse is julle suksesse.

"Ons sê ook dankie aan God vir al die genade wat ons van Bo ontvang om reg te kry wat menslik gesproke onmoontlik gelyk het. Voorts speel AfriForum se direksie, personeel en plaaslike leiers se roepingsgedrewe harde werk ook 'n sleutelrol in ons suksesresep."

Kriel sê AfriForum sien uit na die volgende 15 jaar waarin ons met ons veg-en-bou-plan nie net sal voortgaan om teen agteruitgang te veg nie, maar ook ons bou-aksies drasties gaan versnel. "Alhoewel ons trots is op wat ons die afgelope 15 jaar bereik het, besef ons in nederigheid dat daar nog baie is wat gedoen moet word om vir ons en ons nageslag 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms hier aan die suidpunt van Afrika te skep."

As deel van AfriForum se verjaarsdagvieringe fokus *Forum Tydskrif* in hierdie uitgawe op enkele hoogtepunte wat elke jaar uitgestaan het sedert die organisasie se klein begin.



Protesoptog teen die naamsverandering van Potchefstroom.

## 2006

In aanloop tot die stigting het Kallie Kriel en Alana Bailey afsprake met Afrikanermeningsvormers uit alle sektore gemaak om die idee van 'n burgerregteorganisasie by hulle te toets. In September 2006 is die organisasie se burgerregtemanifes vrygestel. In dieselfde jaar het die organisasie sy eerste openbare protesoptogte teen die naamsverandering van Pretoria en Potchefstroom gehou.

## 2007

AfriForum het van die begin af nougeset oor Afrikaanse taalregte gewaak en talle veldtogte is in dié jaar in hierdie verband geloods teen die viktimisering van byvoorbeeld enkelmedium- Afrikaanse skole. Die organisasie het sy eerste musiekfees ter behoud van Pretoria se naam aangebied wat deur 10 000 mense by die Voortrekkermonument bygewoon is.

## 2008

In dié jaar is AfriForum Jeug onder leiding van Ernst Roets begin en een van die eerste mylpale was 'n verslag oor Afrikaans as tersiêre onderrigmedium. Die jeug het ook in opstand gekom teen regstellende aksie en verskeie bekendes soos Mathys Roets, Jakkie Louw en Adam Tas by hul veldtog betrek. In 2008 is Queen Radebe-Khumalo, Standerton se burgemeester, vasgevat ná ingryping deur AfriForum. Die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria het haar skuldig bevind nadat sy die Groot Trek-gedenkplaat voor die stadsaal laat vernietig het. Sy is ook beveel om vir sowel die skade as die regskoste te betaal. AfriForum het sy stryd teen plaasmoorde voortgesit en die familie van die vermoorde Hennie en Cecilia van Vuuren by die hofsaak in Nylstroom ondersteun. In dié jaar het Tossie Lochner, skrywer en joernalis, na Suid-Afrika teruggekeer as deel van AfriForum se Kom Huis Toe-veldtog.

## 2009

AfriForum het in dié jaar een van sy suksesvolste veldtogte geloods deur druk op die maatskappy Nestlé uit te oefen om op te hou om melk van die plaas van pres. Robert Mugabe se vrou, Grace, te koop. Dit het internasionaal opslae gemaak en gewys dat gewone mense die mag het om hulle koopkrag aan te wend om toe te sien dat geregtigheid geskied. In 2009 het AfriForum 'n netwerk vir gemeenskapsveiligheid begin en Willie Spies van Hurter Spies Ing. is as AfriForum se regsverteenwoordiger gekontrakteer. Alana Bailey het ook in Mei van hierdie jaar vir die eerste keer steun vir die saak van Afrikaans in die buiteland gaan werf.

# Tydlyn van 2006 tot 2009

FOTO'S: ARGIEWE

## 2006

In September 2006 is die organisasie se burgerregte-manifes vrygestel.





## 2007

AfriForum het sy eerste musiekfees ter behoud van Pretoria se naam aangebied.




## 2008

In 2008 is Queen Radebe-Khumalo, Standerton se burgemeester, vasgevat ná ingryping deur AfriForum.




## 2009

AfriForum het dié jaar een van sy suksesvolste veldtogte geloods deur druk op die maatskappy Nestlé uit te oefen om op te hou om melk van die plaas van pres. Robert Mugabe se vrou, Grace, te koop.

# Tydlyn van 2010 tot 2013

## 2010

AfriForum het in 2010 met 'n rigtinggewende hofsaak teen Julius Malema oor omstrede uitlatings en haatspraak begin.







## 2011

'n Wêreldrekord is gebreek vir die langste wors wat nog ooit gebraai is. Dit was 514,5 m lank en het 420 kg geweeg.

## 2012

In Junie het 33 bekendes ook aan 'n optog na die Uniegebou deelgeneem om die impak van geweldmisdaad in die lewe van gewone burgers onder pres. Jacob Zuma se aandag te bring.





## 2013

AfriForum het 'n verslag vrygestel waarin die growwe nalatigheid deur van die polisiebeamptes rondom die ondersoek-werk van plaasaanvalle en -moorde blootgelê is. Alana Bailey en Ernst Roets het dié kwessie ook na die VN geneem.



James Kemp by 'n AfriForum boomplantaksie.

## 2010

AfriForum het in 2010 met 'n rigtinggewende hofsaak teen Julius Malema (destyds nog leier van die ANC Jeugliga) oor omstrede uitlatings en haatspraak begin. Die hof het 'n tussentydse interdik toegestaan wat Malema verbied om die *Skiet die Boer*-lied te sing. Die uiteinde was 'n deurbraak wat beteken het dat die ANC 'n onderneming gegee het dat sy lede die sing van kwetsende liedere sal vermy. AfriForum het die Zimbabwiese regering ook suksesvol in die hof aangevat oor sy omstrede grondhervormingsbeleid. Die saak het behels dat die Zimbabwiese regering gedwing word om gehoor te gee aan die uitspraak van 'n tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) in 2008 dat die grondhervormingsproses in Zimbabwe onwettig en rassisties is. AfriForum het ook in 2010 talle klagtes oor omgewingsake begin ontvang, wat James Kemp aanvanklik hanteer het. Kemp het ook met AfriForum se boomplantaksies begin, waaronder in Naboomspruit.

## 2011

Die organisasie se eerste takke is gestig sodat gemeenskappe beheer oor hulle strate van misdadigers en onbeholpe stadsrade kan terugneem. Kallie Kriel het die Verenigde Nasies (VN) se Forum vir Minderheidsaangeleenthede in Switserland besoek waartydens dr. Dirk Hermann se boek *Land of Sorrow* uitgedeel is. Grondgrype het kop uitgesteek en AfriForum het die Wallmannsthal Community Property Association bygestaan. Die hof het in dié vereniging en AfriForum se guns beslis en sodoende 'n stokkie voor onwettige grondbesettings gesteek. AfriForum Jeug het in samewerking met die musiekgroep Saarkie, die sanger Thys die Bosveldklong en sewe boereverenigings van die Naboomspruit-omgewing die wêreldrekord gebreek vir die langste wors wat nog ooit gebraai is. Dit was 514,5 m lank en het 420 kg geweeg.



Bekendes ruk op na die Uniegebou.

## 2012

AfriForum het sedert sy ontstaan veldtogte teen plaasmoorde en -aanvalle gevoer. In 2012 is die publiek versoek om plaasmoorde te dokumenteer en 1 445 geel rose is by die SAPD se hoofkantoor in Pretoria neergelê om die minimum Suid-Afrikaners te verteenwoordig wat sedert 1990 in plaasmoorde gesterf het. 'n Optog is ook van Kerkplein na die kantoor van Nathi Mthethwa, destydse Minister van Polisie, gehou vir die prioritisering van plaasmoorde. In Junie van dié jaar het 33 bekendes ook aan 'n optog na die Uniegebou deelgeneem om die impak van geweldmisdaad in die lewe van gewone burgers onder pres. Jacob Zuma se aandag te bring. In dieselfde jaar het tussen 20 000 en 30 000 mense die musiekfees by die Voortrekkermonument bygewoon. Pretoria se 157ste en die Solidariteit Beweging se 110de bestaansjaar is ook in 2012 gevier.



AfriForum Jeug hou protes by die parlement teen rasseklassifikasie.

## 2013

AfriForum het 'n verslag vrygestel waarin die growwe nalatigheid deur van die polisiebeamptes rondom die ondersoekwerk van plaasaanvalle en -moorde blootgelê is. Alana Bailey en Ernst Roets het dié kwessie ook na die VN geneem en 'n verslag getiteld *Die Mthethwa-dossier* aan die VN oorhandig. In dié jaar het die burgerregtewaghond ook met sy nasionale watermoniteringsveldtog begin wat as die blou-en-groen-druppelverslag uitgerol is. Die doel hiervan was om die gehalte van drink- en afvalwater landwyd te toets. AfriForum Jeug het in 2013 protes by die parlement teen rasseklassifikasie aangeteken, terwyl hulle ook 'n verslag vrygestel het wat aandui dat 97% van studente aan die Universiteit van Pretoria (UP) nie volgens ras geklassifiseer wil word nie.



Byna 30 000 mense woon AfriForum se musiekfees by.

# Tydlyn van 2014 tot 2017



## 2014

AfriForum het sy nuwe hoofkantoor in Kloofsig, Centurion betrek.




## 2015

AfriForum het ingegryp en van die geverfde en beskadigde monumente skoongemaak.




## 2016

AfriForum het die dokumentêre film *Tainted Heroes* vrygestel.




## 2017

AfriForum het adv. Gerrie Nel aangestel om die organisasie se nuwe privaatvervolgingseenheid op die been te bring.



Die eerste uitgawe van *Forum Tydskrif.*

**2014**

AfriForum het sy nuwe hoofkantoor in Kloofsig, Centurion betrek en die organisasie se ledetal het aan die einde van dié jaar op 116 000 gestaan. Die organisasie het 'n volwaardige tydskrif, *Forum Tydskrif*, gekry wat aan lede gestuur kon word. Die kwessie van Afrikaans was steeds 'n brandpunt en die organisasie het sy eerste Slim (Studeer en Leer in jou Moedertaal)-veldtog bekendgestel in samewerking met bekendes soos dr. Theuns Eloff en die skrywer Deon Meyer. Dink of Sink, 'n kompetisie vir onvoorbereide debatvoering vir skole, is ook na Gauteng uitgebrei. In dié jaar het AfriForum 'n verslag oor die brutaliteit van plaasmoorde bekendgestel, terwyl 'n petisie met 60 000 handtekeninge by die kantoor van die polisieministerie in Pretoria oorhandig is.


Jana Strydom

**2015**

AfriForum het die 150 000-ledetalkerf bereik. Die organisasie het bly veg teen plaasmoorde en 'n tienpuntaksieplan is by die Menseregtekommissie (MRK) se openbare verhore oor plaasmoorde bekendgemaak. AfriForum was betrokke by die film *Treurgrond*, wat die werklike omvang van plaasmoorde uitbeeld. Dié jaar sal ook onthou word vir vandale se aanvalle op erfenisbakens op universiteitskampusse. AfriForum het ingegryp en van die geverfde en beskadigde monumente skoongemaak. Bewusmaking is ook begin dat Afrikaners moet opstaan vir hul geskiedenis en betrokke moet raak by die bewaring van hul erfenisgoedere deur veldtogte soos #DankieJan en #OnsGaanNêrens. In dié jaar het AfriForum 'n hofstryd oor godsdiens in skole gevoer en 'n fietstoer oor 6 000 km na meer as 100 dorpe en 'n staptog saam met die akteur Hykie Berg is gevolglik in dié verband aangepak.


Sanderien van der Walt

**2016**

AfriForum het sy trauma-ondersteuningseenheid begin om hoofsaaklik slagoffers van plaasaanvalle by te staan. 'n Projek bekend as Afrikaans-Vriendelik is aangepak om die gebruik van Afrikaans in die sakewêreld aan te moedig. AfriForum het die dokumentêre film *Tainted Heroes* vrygestel. Dit fokus op die bevlekte verlede en gewelddadige optrede van die ANC tydens sy bevrydingstryd. Die grootste aanslag op Afrikaanse onderrig en sogenaamde stadige transformasie het landwyd op universiteitskampusse uitgebreek. Kampusse het die spilpunte van anargie en chaos geword met AfriForum en AfriForum Jeug wat ingegryp het om studente te bemagtig om hulself te beskerm.


Tukkies se debatspan kraai koning by Dink of Sink.

**2017**

AfriForum het adv. Gerrie Nel aangestel om die organisasie se nuwe privaatvervolgingseenheid op die been te bring. Privaat vervolging is daarop gemik om gelykheid voor die reg te verseker en die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) tot verantwoording te roep. Duduzane Zuma, seun van oudpres. Jacob Zuma, was die eerste persoon waarop die privaatvervolgingseenheid gefokus het. Dié eenheid se ingryping het daartoe gelei dat die NVG besluit het om Duduzane wel te vervolg nadat dit aanvanklik nie wou nie. De Goede Hoop, 'n inisiatief wat deur AfriForum ondersteun word, het in hierdie jaar afgeskop. Dié Afrikaanse privaat koshuis is op Christelike beginsels gegrond en het 'n waardegedrewe tuiste vir Afrikaanse studente geword. AfriForum se teenboelieveldtog is geloods, die Dink of Sink-onvoorbereide debatskompetisie het na universiteite uitgebrei en die Tinteltong Toekennings ter bevordering van Afrikaans in die sakewêreld is vir die eerste keer aangebied.



HK-lede van De Goede Hoop-koshuis.

# Tydlyn van 2018 tot 2021

## 2018

In 2018 is Ernst Roets se boek oor plaasmoorde, *Kill the Boer*, vrygestel.





## 2019

In dié jaar het die Solidariteit Beweging, waarvan AfriForum deel is, 'n toekomsberaad gehou om na oplossings vir die Afrikanerkrisis te kyk.

## 2020

Die #DieWêreldMoetWeet-veldtog het baie vrugte afgewerp met buitelandse beleggers en meningsvormers wat groter begrip gekry het.







## 2021

AfriForum het sy eie teater op die been gebring wat daarop gemik is om die kunste, kultuur en Afrikaans te beskerm en uit te bou.


AfriForum by 'n onteieningsverhoor.

### 2018

Terwyl AfriForum reeds van vroeg af sy stem teen onteiening sonder vergoeding dik gemaak het, is 'n veldtog hierteen in 2018 verskerp. AfriForum het duidelik standpunt ingeneem oor die ANC se bedoeling met onteiening sonder vergoeding, wat uiteindelik op niks anders as nasionalisering van grond en onwettige batebeslaglegging neerkom nie. Die regering se rassistiese motief rondom dié beleid is ook vervat in 'n verslag van die organisasie getiteld *Land in South Africa – A Geospatial Perspective*. Dié verslag en ander inligting is ook internasionaal gebruik om die buiteland bewus te maak van die ANC se houding teenoor burger- en eiendomsregte en die katastrofiese gevolge wat dit kan inhou. AfriForum het aan openbare verhore hieroor deelgeneem, asook in die parlement aan die debat hieroor. AfriForum het ook in 2018 'n nasionale kongres met die tema #SkepSaamHoop aangebied waar kenners oplossings vir minderhede se voortbestaan op die tafel geplaas het. In 2018 is Ernst Roets se boek oor plaasmoorde *Kill the Boer* vrygestel. Dit beeld die wreedaardigheid van plaasaanvalle uit, asook die regering se aandadigheid tot die krisis. Kallie Kriel en Flip Buys het in 2018 die Zoeloekoning Goodwill Zwelithini besoek om oor samewerking teen onteiening te praat.

### 2019

In dié jaar het die Solidariteit Beweging, waarvan AfriForum deel is, 'n toekomsberaad gehou om na oplossings vir die Afrikanerkrisis te kyk. Die oplossing berus op enkele pilare, naamlik dat Afrikaners hulle deur 'n helpmekaarnetwerk van selfhelporganisasies moet laat saambind. Die klem het tydens die beraad ook op selfbestuur en bou-om-te-bly-projekte geval wat vinniger uitgerol moet word. Daarmee saam is besluit om brugbouprojekte met ander gemeenskappe in die land ook te versnel. In dié jaar het AfriForum ook sy #AnkerdorpPadskou met mening aangepak wat gefokus het op selfdoen- en selfhelpprojekte in dorpe waar die meer as 140 AfriForum-takke geleë is. Dit het behels dat gemeenskappe self moes inspring om hul omgewing skoon te maak en onder meer slaggate op te vul. In 2019 het Ernst Roets en Mariandra Heunis, wie se man in 2016 vermoor is, 'n besoek aan die VSA gebring waar daar met meningsvormers en beleidmakers oor onteiening sonder vergoeding en die kwessie van plaasmoorde gepraat is. 2019 is ook die jaar waarin AfriForum Netwerk (nou AfriForum Sakenetwerk) geloods is en wat AfriForum-lede in staat stel om hul ondernemings en dienste gratis op dié netwerk se databasis te registreer.



Vrywilligers hard aan die werk in Kempton Park.

### 2020

AfriForum het 'n skakeltoer na die VSA onderneem om steun te werf teen die skending van minderhede se regte in Suid-Afrika. Die #DieWêreldMoetWeet-veldtog het baie vrugte afgewerp met buitelandse beleggers en meningsvormers wat groter begrip gekry het oor wat die ANC se houding jeens minderhede in die land is. In 2020 het AfriForum sy #VegEnBou-veldtog radikaal en vinnig uitgebrei. AfriForum het projekte aangepak om vír geregtigheid en téén agteruitgang te veg, terwyl daar ook op grondvlak werklikhede help bou is sodat gemeenskappe met 'n groeiende mate van selfstandigheid na hul eie belange kan omsien. Dit is ook die jaar waarin AfriForum se privaatvervolgingseenheid in die howe was met sake oor Thandi Modise, Julius Malema, Tom Moyane en Alexis Bizos. AfriForum het ook 'n groot rol gespeel in die appèlaansoek van Pieter Doorewaard en Phillip Schutte van Coligny wat van moord aangekla is op 'n seun wat sonneblomme gesteel het. Hulle aansoek het uiteindelik geslaag en hulle is vrygespreek. 2020 is ook die jaar dat COVID-19 Suid-Afrika tot stilstand geknars het. Ondanks nasionale én internasionale inperkings is die #AfriForumStaanSaam-veldtog van stapel gestuur en is daar in samewerking met ander organisasies meer as 600 ton kos aan 15 000 mense in nood versprei. Duisende liter handreiniger en gesigmaskers is na skole en ouetehuise versprei en die staat is gepak wat entrepreneurs op grond van ras van COVID-hulp wou uitsluit. Daar was ook hofsake teen die staat se onredelike kwarantyn- en repatriasiemaatreëls. Gewone landsburgers is ook bygestaan wat in dié tyd slagoffers van polisiemagsvergrype geword het. In dié tyd het AfriForum Netwerk met meer as 15 000 ondernemings op die databasis gegroei.

### 2021

AfriForum het sy Aksie2021-plan aangekondig met die klem op gemeenskapskrag, groter selfstandigheid en outonomie vir minderheidsgroepe, asook 'n versnelde bouprogram op vele terreine. Die Solidariteit Beweging het vanjaar sy splinternuwe Sol-Tech-kampus vir beroepsopleiding betrek waar wêreldklasonderrig in vaardigheidsontwikkeling aangebied word, terwyl Akademia, die privaat hoëronderwysinstelling, ook begin het om kontakklasse op sy kampus in Centurion aan te bied. AfriForum het sy eie teater op die been gebring wat daarop gemik is om die kunste, kultuur en Afrikaans te beskerm en uit te bou. Dit is vanjaar duidelik dat staatsverval al hoe vinniger toeneem met die gevolg dat AfriForum ook sy werksaamhede, veldtogte, projekte en planne sal moet versnel.


**Carien Bloem** en **Salet Smith**

# Vrywilligers 'n kernbestanddeel van AfriForum se suksesresep

*Die Britse oudpremier Margaret Thatcher het eens gesê dat sy eerste minister geword het met die doel om Brittanje van 'n afhanklike samelewing na 'n selfstandige samelewing en van 'n "gee-dit-vir-my-nasie" na 'n "selfdoennasie" te verander. In die gees hiervan gryp vrywilligers van AfriForum-takke reeds die afgelope 15 jaar met 'n selfdoenhouding in om staatsverval en swak dienslewering aan bande te lê. Sewe taklede het aan* ***Jhua-Nine Wyrley-Birch*** *vertel waarom hulle dikwels hul naweke prysgee om hul dorpe op te knap.*

## Jan Vermaak: Kempton Park-tak in Gauteng

Vermaak, voorsitter van AfriForum se Kempton Park-tak, sê tong in die kies dat taklede nie net vrywilligers is nie, maar eerder niebetaalde personeellede. "Ons het net soveel trots in die werk wat ons op gemeenskapsvlak doen as wat beroepsmense in hul professie het." Vermaak kan mense mobiliseer en glo daarin om goeie samewerking tussen AfriForum, die SAPD, raadslede en ander organisasies te kweek. "Ons almal het dieselfde einddoel en maak mekaar se hande net sterker."

Sy tak het verlede jaar baanbrekerswerk met die oprig van hul mobiele gesondheidsentrum gedoen en fokus ook op veiligheid, skoonmaakprojekte en die instandhouding van hul vyf uilhuise, wat reeds in 2019 opgerig is.

Vermaak glo ook in 'n vee-voor-jou-eie-deur-benadering. "Ek voel nie dat ek eenvoudig net 'die staat se werk vir hulle doen' soos mense sê nie. Ek doen wat ek doen eerstens vir myself, want ék wil skoon wees, ék wil trots wees op my omgewing en ék wil veilig voel in my woonbuurt."



**Jan Vermaak** tydens 'n aksie by die NDBV in Kempton Park.

## Tommy van Zyl: Kaapstad-Noord-tak in die Wes-Kaap

"As persoon was my hart nog altyd by my mense en die bou van 'n gesonde kultuur rondom Afrikaners."

Van Zyl, voorsitter van die tak, het aanvanklik as buurtwagpatrolleerder by AfriForum aangesluit en was self betrokke by van die eerste takstigtings in die Wes-Kaap. Hy sê hy glo in die krag van opleiding, volhoubare projekte en om 'n ruimte deur AfriForum-takke te skep waardeur jong leiers gekweek kan word. Sy tak fokus ook gedurig op veiligheid en gaan hul strukture uitbrei met die vestiging van AfriForum se splinternuwe Wes-Kaapse kantoor.

Hy het geen tyd vir kritici wat van die kantlyn af kla nie. "Moeder Theresa het gesê as jy die wêreld wil verander moet jy by jou huis begin en dit het sy gesê terwyl sy tussen mense gesweet en gewerk het. Jy het haar nooit op 'n rusbank gesien sit en bevele uitdeel nie, sy het deur dade gelei."



**Tommy van Zyl** tydens 'n plaaspatrollie in Philippi.

## Quintus Rossouw: Tzaneen-tak in Limpopo

Rossouw is voorsitter van die tak en glo dat jy nie in probleme moet vaskyk nie. Hy pak sy dorp se uitdagings met 'n positiewe ingesteldheid aan. "Ek het by die plaaslike AfriForum-tak en -buurtwag aangesluit met die wete dat ek 'n verskil kan maak vir én saam met die gemeenskap. Ek kry werklik genot daaruit om goeie dade vir ander te doen."

Rossouw moedig mense aan om fisies by hul plaaslike takstrukture betrokke te raak, hetsy deur opknappingsprojekte te ondersteun of net saam patrollie te kom ry. Oor negatiewe kommentaar van mense op sosiale media oor AfriForum se doen en late haal hy Spreuke 15:1–2 aan: "'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom. Die tong van die wyse getuig van grondige kennis, maar die mond van die dwase laat sotheid uitborrel."



**Quintus Rossouw** besig om sy dorp op te knap.

## Ingrid Human: Bethal-tak in Mpumalanga

"As jy deur Bethal ry en 'n slaggat sien wat opgevul is, is die kans goed dat dit deur die plaaslike AfriForum-tak gedoen is," sê Human, voorsitter van die tak.

Dié veelsydige tak vul nie net slaggate op nie, maar het ook watertenks opgerig wat 30 000 liter water aan inwoners kan voorsien wanneer die watertoevoer onderbreek word. Taklede werk tans hard aan 'n gemeenskapsgroentetuin en verwyder gereeld vullis.

Hoewel dit met tye na 'n ondankbare taak mag klink, meen Human dat inwoners die werk wat AfriForum doen raaksien. En as mense haar vra waarom AfriForum die staat "bederf" deur hierdie werk te doen, antwoord sy: "Jy moet besluit of jy jou dorp tot niet wil laat gaan of jou negatiewe ingesteldheid gaan laat staan."

## Johan Crous: Hessekwa-tak in die Wes-Kaap

"Ek wens meer mense in die land kan die goeie werk sien wat AfriForum-personeel veral agter die skerms doen. Die ondersteuning, opleiding en opbeuring wat ons kry maak dat ons as vrywilligers sterker gemeenskappe kan kweek," sê Crous, voorsitter van die tak. Dié tak fokus daarop om proaktief misdaad in hul omgewing te bekamp en brandbestryding- en rampbestuurvermoëns te verbeter.

Wanneer dit by vrywilligerswerk kom, glo hy dat jy uitkry wat jy insit. "AfriForum sê dikwels vir ons 'wees julle die voertuig en ons sal die brandstof voorsien'. Ek is trots om 'n voertuig vir só 'n uitmuntende organisasie te wees."



**Johan Crous** van die Hessekwa-tak ontvang hommeltuigopleiding.

## Bianca van der Westhuizen: Christiana-tak in Noordwes

"Dit gee my vreugde in my hart om te weet wat ons as AfriForum doen, doen ons vir ons kinders se toekoms." Van der Westhuizen het by AfriForum aangesluit nadat haar gesin die slagoffers van 'n huisroof was. "Die eerste mense op die toneel was AfriForum-buurtwaglede. Dít het my laat besef dat ons op ons tak en buurtwag kan staatmaak om ons by te staan en ek wou deel van dié span word."

Christiana is 'n dorp wat volgehoue onderbreking van munisipale dienslewering ervaar en daarom werk die tak hard om hulle plaaslike vullisterrein reg te ruk en paaie in stand te hou. Hulle het ook verlede jaar 'n groot rol gespeel om behoeftige mense by te staan tydens die streng inperkingstydperk. "Sonder AfriForum sou alles vinniger nog méér agteruitgegaan het. Hulle het vir my en ek dink talle ander mense al bewys ons kan as 'n gemeenskap saamstaan en ons dorpe self beter maak."



**Bianca van der Westhuizen** van die Christiana-tak.

## Fanie Kruger: Parys-tak in die Vrystaat


Dit is min dat jy op 'n Saterdag deur Parys sal ry sonder om AfriForum-taklede in hul kenmerkende oranje hemde te sien slaggate opvul, stoptekens oprig of parke skoonmaak. "Ons het gesien dat daar 'n groot behoefte aan vrywilligers in Parys is en vele hande maak ligte werk," sê Kruger, voorsitter van dié tak.

Hy en sy vrou Jenny, asook hul drie kinders gryp naweke saam in om slaggate op te vul. Personeellede van sy privaat sekuriteitsmaatskappy sit dikwels óók hand by. "Ons doen dit vir ons én ons nageslagte en ons wil vir hulle 'n goeie voorbeeld stel."

Sy tak is verder verantwoordelik vir die stig van 'n selfdoengroep waartydens verskeie instansies in samewerking met AfriForum byna elke tweede Saterdag opknappingswerk in en om die dorp doen.



**Fanie Kruger** en sy vrou **Jenny**.



**Ingrid Human** help om slaggate in Bethal op te vul.

FOTO'S: ARGIEF




**Dr. Pieter Groenewald** van die VF Plus, **Francois de Kock**, regskenner, **Marnus Kamfer** en **Jacques Broodryk** van AfriForum. **FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER**

# Beveg irrasionele wysigings aan Vuurwapenwet met hand en tand

Deur Alet Rademeyer

Die voorgestelde wysigings aan die Wet op die Beheer van Vuurwapens is 'n skreiende skande wat met alle mag en krag teengestaan moet word.

Dít is die mening van Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum.

Kriel sê as hy moet kies tussen die vermoë om sy gesin te beskerm of onderdanigheid aan 'n regering wat nie sy landsburgers kan beskerm nie, dan kies hy sy gesin.

AfriForum het met 'n omvattende #MyVuurwapenIsMyne-veldtog (**www.myvuurwapen.co.za**) begin teen die drakoniese voorgestelde wysigings en sal net soos opposisiepartye en ander burgerlike organisasies dit tot in die hoogste hof beveg. Die wysigings kom basies neer op die ontwapening van burgers en word as roekeloos en irrasioneel bestempel.

Sedert die wysigings in Mei in die *Staatskoerant* afgekondig is, is die regering oorval met petisies en besware van derduisende mense.

Bheki Cele, Minister van Polisie, het veral deurgeloop en is daarvan beskuldig dat hy totaal uit voeling met die situasie in die land is. Met die voorgestelde wysigings wil hy mense se reg om hulself te beskerm beperk, terwyl hyself daagliks deur talle gewapende lyfwagte beskerm word. Wat die voorstelle nog meer skreiend maak, is dat gewone mense se vuurwapenbesit ingeperk word, terwyl die SAPD se begroting vir die BBP-beskermingseenheid met sowat R2 miljard verhoog is.

Marnus Kamfer, AfriForum se regs-en-risikobestuurder vir Gemeenskapsveiligheid, sê burgers moet oor die vermoë beskik om hulself en hul gesinne binne die raamwerk van die wet teen misdadigers te beskerm. "Hierdie konsep, in sy huidige formaat, sal tot gevolg hê dat burgers weerloos gelaat word in 'n land waar die SAPD reeds ruiterlik erken het dat hulle nie oor die vermoë beskik om die burgers van die land teen 'n misdaadvlaag te kan verskans nie."

Dr. Pieter Groenewald, leier van die VF Plus, wys daarop dat die ANC en die ministers van Polisie sedert die wet in 2000 gewysig is uitgesproke daaroor was dat hulle burgers wil ontwapen.

Hy meen nóg 'n rede waarom die regering dit wil doen is weens die totale chaos en wanbestuur by die Sentrale Vuurwapenregister (SVR). "Die polisie het eenvoudig nie die vermoë om vuurwapenbesit te bestuur óf burgers te beskerm nie."

## Druk gemobiliseer teen regering se beoogde ontwapening

Verteenwoordigers van sowat 21 organisasies, verenigings en politieke partye het hul gewig agter AfriForum ingegooi om die konsepwysigings aan die bestaande Vuurwapenwet met mag en mening, én tot in die howe as dit nodig is, te beveg.

Verskeie van dié organisasies het aan 'n konferensie by die AfriForum Teater deelgeneem en mondelinge insette gelewer teen die wysigings wat op 21 Mei in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

Die deelnemers was Marnus Kamfer van AfriForum, Tshepi Mmekwa van Girls on Fire, Paul Oxley van Gosa, Gideon Joubert van DearSA, dr. Pieter Groenewald van die VF Plus, John Beare van Lowveld Hunters en Ian Cameron van Firearms.co.za en die #SafeCitizen-veldtog. Andrew Whitfield van die DA en Steve Swart van die ACDP het hul insette deur middel van video-opnames gegee.

Al die deelnemers is dit vurig eens dat die regering se planne en voorgestelde wetwysigings om burgers te ontwapen ten alle koste teengestaan moet word.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het 'n beroep op almal gedoen om nou saam te staan. "'n Lang stryd lê vir ons voor. Die regering is nie in staat om ons te beskerm nie en as ons moet kies tussen 'n onbevoegde regering en ons gesinne, gaan ons ons gesinne kies."






# #MyVuurwapenIsMyne

## WAT BEHELS VAN DIE VOORGESTELDE WYSIGINGS?

- **Selfverdediging sal nie as rede aangevoer kan word om 'n vuurwapen te bekom nie.**
- **Jag- en sportvuurwapens word beperk selfs al het jy toegewyde status. 'n Totaal van ses vuurwapens word toegelaat as jy toegewyde status het en steeds vier as jy dit nie het nie. Die samestelling van die ses of vier vuurwapens word ook beperk. Nie meer as twee daarvan mag byvoorbeeld haelgewere en/of handwapens wees nie.**
- **Die besit van herlaaitoerusting word verbied.**
- **Geen vuurwapens mag sonder 'n spesiale permit vervoer word nie. Indien jy wil gaan jag of skietbaan toe gaan, moet jy 'n permit hê.**
- **Jy mag nie iemand onder die ouderdom van 16 jaar toelaat om jou vuurwapen te hanteer onder jou direkte toesig nie.**
- **Niemand, nie eens diegene met toegewyde status, mag meer as 100 rondtes ammunisie per vuurwapen in sy/haar besit hê sonder 'n spesiale permit nie.**
- **Die verkryging en instandhouding van toegewyde status word moeiliker gemaak.**
- **Privaat vuurwapenversamelings word in totaliteit geskrap en slegs openbare versamelaars word erken.**
- **Vuurwapenlisensies vir jag en/of sport wat onbeperk was moet nou elke vyf jaar hernu word.**
- **Voordat 'n vuurwapen na iemand oorgedra word, moet dit vir ballistiese toetse ingehandig word.**
- **Indien 'n persoon in enige stadium 'n beskermingsbevel teen hom/haar gehad het, word hulle as onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit.**
- **Die minister kry baie wye magte om die invoer van vuurwapens en ammunisie te beperk.**
- **Voornemende sportskutte, toegewyde jagters en professionele jagters moet vir bevoegdheidsertifikate aansoek doen om dié status te bekom en/of te behou. Voorts word daar strenger na die doen en late van persone gekyk om seker te maak dat hulle vir dié status kwalifiseer.**
- **Semi-outomatiese gewere en haelgewere val nou onder die definisie van "beperkte" vuurwapens. Dit word aansienlik strenger gereguleer en kan net in uitsonderlike omstandighede besit word. Die registrateur het die bevoegdheid om die ammunisie wat hy/sy as verbode ammunisie ag só te verklaar, wat beteken dat dié ammunisie glad nie aangekoop of vervaardig mag word nie.**
- **Bevoegdheidsertifikate en lisensies kan aan persone jonger as 21 jaar, maar ouer as 18 jaar uitgereik word as dié persone goeie redes kan gee waarom hulle daarvoor kwalifiseer. Voorbeelde van dié redes is as hulle dit nodig het vir hul sakeonderneming of die status van 'n toegewyde jagter of sportskut het.**
- **Daar word beoog om 'n "Consultative Forum" in die lewe te roep wat onder andere bestaan uit die hoof van die Sentrale Vuurwapenregister (SVR) en senior personeel van PSiRA (Private Security Industry Regulatory Authority).**


Kallie Kriel

## Saai skop ook veldtog af

Die familieboernetwerk Saai het sy #SteedsGeenVuurwapen-veldtog afgeskop om druk op die SAPD te plaas om sy jarelange agterstande in aansoeke vir nuwe vuurwapens, amnestie en hernuwings van bestaande vuurwapens uit te wis en vuurwapens aan hul regmatige eienaars terug te besorg.

Die SAPD het honderdduisende vuurwapens ingeneem om kwansuis ballistiese toetse daarop te doen, maar kon nog nie verduidelik hoe sulke toetse op haelgewere gedoen word nie. "Teen 'n gemiddeld van 'n plaasaanval elke tweede dag en 'n plaasmoord elke vyfde dag oor die afgelope 25 jaar, bevind Suid-Afrika se boere hulle in onveilige omstandighede wat in elke opsig aan die definisie van 'n lae-intensiteit burgeroorlog voldoen," sê dr. Theo de Jager, uitvoerende direksievoorsitter van Saai.

i

1. **Meer mense word in Suid-Afrika deur messe en ander skerp voorwerpe gedood as deur vuurwapens.**
2. **Suid-Afrika se moordsyfer (36 per 100 000) is vyf keer hoër as die wêreldgemiddeld (7 per 100 000).**
3. **Sedert die begin van die jaar tot einde Mei was daar reeds 19 plaasmoorde en 148 plaasaanvalle. Verlede jaar was daar 63 plaasmoorde en 384 plaasaanvalle.**



FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

**Lambert de Klerk**, **Magdel Janse van Vuuren**, **adv. Jan Saunders**, **Marjorie van Schalkwyk**, **Aakon Landsberg** en **Morné Mostert** buite die Limpopo Hooggeregshof in Pietersburg.

# AfriForum behaal oorwinning teen waterprobleme

Deur Alet Rademeyer

Die Modimolle-Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit is in Maart ingevolge 'n dringende hofaansoek gelas om water volhoubaar aan Naboomspruit, Roedtan en Thusang te lewer.

AfriForum, Philip van Staden, voorsitter van AfriForum se Naboomspruit-tak, en Malesela Johannes Chaba, 'n inwoner, het 'n dringende aansoek teen die Modimolle-Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit, dr. Meluse Mhlanga, waarnemende munisipale bestuurder van dié munisipaliteit, die Waterberg Distriksmunisipaliteit, die premier van Limpopo, 'n LUR van die plaaslike regering in Limpopo én die minister van Water en Sanitasie gebring.

In die aansoek is geëis dat twee boorgate wat in September 2020 in die Nylvallei gesink is, toegerus moet word en binne tien dae vanaf die aansoek aan die Mookgophong-waternetwerk gekoppel moet word. Boorgate wat gesink is om ander te vervang, moet ook toegerus en aan die waternetwerk gekoppel word. Waterpompe wat groot genoeg is en oor genoegsame kapasiteit beskik om die daaglikse toelaatbare kwota water te lewer moet ook by die Welgevondendam geïnstalleer word. Daar moet ook seker gemaak word dat genoeg en voldoende onderdele in die munisipaliteit se store beskikbaar is om binne twee weke ná die aansoek herstelwerk aan minstens die helfte van die water- en elektrisiteitsinfrastruktuur in die munisipale gebied te doen. Daar is voorts geëis dat boorgatpompe wat water aan Naboomspruit, Roedtan en Thusang voorsien, met noodkragopwekkers toegerus moet wees sodat water ononderbroke tydens kragonderbrekings gepomp kan word. 'n Waterdiensontwikkelingsplan moet ook in 'n bepaalde tyd opgestel word.

> **Dié munisipaliteit skuld Rand Water reeds meer as R1 miljard.**

In nóg 'n oorwinning het AfriForum onlangs 'n ooreenkoms met Rand Water bereik oor die waterkrisis wat die afgelope maande in onderskeidelik die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit in Gauteng en die Victor Khanye Plaaslike Munisipaliteit in Mpumalanga heers. Dié gemeenskappe ervaar sedert Februarie vanjaar ernstige waterprobleme.

Rand Water het vroeër 'n verlaging in die waterdruk ingestel as 'n kredietbeheermaatreël weens wanbetaling deur die Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit. Dié munisipaliteit skuld Rand Water reeds meer as R1 miljard, maar het al telkemale betalingsooreenkomste met Rand Water verontagsaam.

AfriForum het op 15 April 2021 hofstukke teen Rand Water ingedien in 'n poging om dié entiteit te dwing om voldoende watertoevoer na die betrokke gemeenskappe te herstel. Rand Water het versoek dat 'n ooreenkoms oor die kwessie buite die hof bereik word. Die ooreenkoms behels onder meer dat AfriForum sy hofsaak terugtrek op voorwaarde dat Rand Water onderneem om die waterdruk te herstel en nie weer in die toekoms die waterdruk te verlaag nie. Dié ooreenkoms is deur die hof bekragtig.

## Uitspraak oor Afrikaans voorbehou

Deur Alet Rademeyer

Uitspraak is in die Konstitusionele Hof voorbehou in die saak van AfriForum teen die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) se eentalige Engelse taalbeleid. AfriForum se regspan het dit duidelik gestel dat Unisa se bewerings oor 'n afname aan studente se behoefte vir Afrikaanse onderrig nie met onbetwisbare getalle bewys kon word nie en dat die universiteitsbestuur ook nie kon aandui hoe ander tale bevorder kan word of sedert die implementering van die beleid in 2017 bevorder is danksy die afskaffing van Afrikaanse onderrig nie. Verder is gewys op die onregmatige wyse waarop die aanvaarding van die beleid deurgestoomroller is, asook dat die handhawing van Afrikaanse onderrig nie 'n rassekwessie is nie, aangesien Afrikaanse moedertaalsprekers aan alle rasse behoort.

Unisa se regspan het egter die rassekaart gespeel, waarop regter Steven Majiedt dit duidelik gemaak het dat Afrikaans 'n inheemse taal is wat deur mense van alle rasse gepraat word.

# Minister van Toerisme moet eers hokaai

Deur Alet Rademeyer

Die interdik wat onlangs in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria aan AfriForum en Solidariteit toegestaan is en wat die uitbetaling van enige geld vanuit die Departement van Toerisme se ekwiteitsfonds (TEF) belet, is 'n oorwinning teen die regering wat dink ras troef alles en is bo die wet verhewe.

Die hofsaak het gevolg nadat 'n vergadering tussen die organisasies en die departement geen vrugte afgewerp het nie en dit duidelik was dat die departement net sy eie standpunt verdedig.

AfriForum en Solidariteit verwelkom die feit dat die departement se rassefonds gestuit is en meen om ras as kriterium te gebruik om 'n sektor te hervorm wat as gevolg van 'n pandemie op sy knieë gedwing is, is moreel onregverdigbaar. "Die pandemie diskrimineer teen niemand op grond van ras nie, maar tog word hierdie ramp deur die regering uitgebuit en word slegs SEB-sakeondernemings van fondse voorsien ten koste van gevestigde ondernemings van wit eienaars wat genoop word om hul deure te sluit," sê dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit.

Mmamoloko Kubayi-Ngubane, Minister van Toerisme, is egter steeds van plan om die interdik teen te staan en sê dit is jammer dat hulp wat toerismeondernemings dringend nodig het, opgehou word deur "hofsake teen transformasie".

Volgens haar is duisende aansoeke ter waarde van R5,6 miljard reeds ontvang vir die TEF. Die aansoeke kan egter nie verwerk word terwyl die departement in 'n hofsaak oor die skema gewikkel is nie. Sy sê hulle glo onteenseglik in hul saak en dat dit geregverdig is om die wanbalanse van die verlede uit te wis.

AfriForum en Solidariteit bevraagteken in die hofsaak die grondwetlikheid van die kriteria dat geld net gegee word aan ondernemings wat minstens 51% in swart besit of onder swart bestuur is.

Oor AfriForum en Solidariteit se redenasie dat alle toerisme- en gasvryheidsondernemings deur die COVID-19-pandemie geraak is en dit nie nou die tyd is om die raskaart te speel nie, sê Kubayi-Ngubane die plan vir die TEF kom al sedert 2016 aan. Dis nie opgestel as 'n reaksie op die pandemie nie.

Sy sê die fonds kan nie nou heraangewend word om die impak van die pandemie te probeer oplos nie, maar moet hou by sy oorspronklike doelwit, naamlik transformasie in die bedryf.

Die TEF is deel van pres. Cyril Ramaphosa se Economic Reconstruction and Recovery Plan (ERRP) wat in Oktober 2020 aangekondig is. Dit gaan uit R1,2 miljard bestaan en deur die agentskap vir die finansiering van kleinsake (Sefa) namens die Departement van Toerisme bestuur word. Dit bestaan uit 'n kombinasie van lenings en toelae en is gemik op verkrygings en nuwe projekte in toerisme deur swart entrepreneurs.

Jacques Broodryk, AfriForum se bestuurder van Veldtogte, sê die rassistiese toerismefonds bewys hoe ernstig die regering se rasse-ideologie-infeksie is, en die enigste immuunstelsel wat die regering se immorele rassediskriminasie kan beveg is vreeslose burgerregtewaghonde soos AfriForum en Solidariteit.



> **Die pandemie diskrimineer teen niemand op grond van ras nie.**



**Pres. Cyril Ramaphosa** en **Mmamoloko Kubayi-Ngubane**, Minister van Toerisme.



# Rikus is ’n “lekker” ou wat mense wil vermaak

Deur Alet Rademeyer

*Jonathan van Radio Raps, oftewel die skreeusnaakse Rikus de Beer, is ’n besige man. Ons e-pos en WhatsApp oor en weer om hierdie artikel die lig te laat sien en elke keer voel ek sleg as ek hoor hoe gedruk hy vir tyd aan die anderkant is. Nee, daar’s nie tyd vir ’n onderhoud nie, maar hy beantwoord my vrae op die vliegtuig. Ek pla hom vir die soveelste keer toe hy vinnig in en uit Port Elizabeth is vir foto’s en hy bly die gemoedelike tjom wat die publiek leer ken het wat weer ’n plan sal maak.*

**Jy het onlangs vir die eerste keer sedert COVID uitgebreek het weer voor ’n gehoor in die AfriForum Teater opgetree. Hoe het dit gevoel om weer “uit te kom”?** Ek wil baie geluk en dankie sê aan AfriForum vir die wyse waarop julle die teater opgeknap het. Dit was ’n groot voorreg om my nuwe *show* daar te *launch*. Alhoewel die gehore nie so groot was soos wat ’n mens sou wou hê of aan gewoond is nie, was dit rêrig baie lekker en amper ’n vorm van uitlating en terapie om weer op die planke te wees!

**Hoe het die inperking die afgelope paar maande jou werk en menswees beïnvloed?** Die inperking is uit die aard van die saak ’n massiewe terugslag vir almal wat in die vermaaklikheidswêreld betrokke is, maar dit het my ook geleer om sekere dinge te waardeer en ek het onder andere dié *show* (#WEDIRRIT) geskryf waarop ek rêrig trots is. Ek praat oop en eerlik oor die struikelblokke waardeur ek moes werk en soos ek gesê het, dit dien as terapie vir my om dit met mense te deel.

**Jou vertonings is baie gewild en gereeld uitverkoop. Waarna dink jy is mense op soek?** Ek glo dat iets net snaaks is as dit ernstig is. Ek skroom nie om my eie tekortkominge uit te wys nie en ek dink dis vir mense lekker om te hoor dat hulle nie alleen is in hulle alledaagse *issues* en struikelblokke nie. As ’n mens nie vir jouself kan lag nie, gaan die lewe baie swaar wees vir jou!

**Hoe lank neem dit jou om vir ’n vertoning voor te berei? Hoe benader jy dit? Gebeur groot dele sommer op die ingewing van die oomblik of “oefen” jy vooraf?** Dit hang van *show* tot *show* af. Elke *show* het ’n storie, ’n tema en ’n les en ek het sekere punte wat ek voorberei en waarby ek moet uitkom, maar hoe ek dit doen weet ek self nie op die aand nie ... Party *shows* is ’n halfuur langer, ander weer ’n bietjie korter. Dít is vir my die wonderlike ding van regstreekse vertonings, die mense wat dit beleef deel in daardie unieke ervaring saam met jou.

**Het jy al voor ’n gehoor opgetree waar dinge ’n bietjie handuit ruk?** Ek het ... elke sport het sy beserings. Jy kry soms mense wat ’n bietjie té opgewonde raak en dalk net twee ietsies te veel vat en saam wil *show*. Ek moet sê die meeste mense wat kom kyk is lekker mense en gedra hulle baie mooi, daar is sekere maniere om so iets ook te hanteer. Jy hoef nie van die begin af iemand af te kraak of lelik te wees nie, hulle besef soms self nie dat hulle ’n bietjie hard praat en mense pla nie ...

**Hoe voel jy as mense jou in die openbaar voorkeer en ’n geselsie met Jonathan wil aanknoop?** Ek beskou dit as ’n baie groot voorreg. Ek is ’n mens en ek het al baie foute in my lewe gemaak en die feit dat ek kan doen wat ek doen en enigsins iets positiefs tot iemand se lewe kan bydra is ’n baie groot voorreg en verantwoordelikheid, en om tyd te vat vir ’n vinnige geselsie of foto is die minste wat ’n mens kan doen.

**Waar het jy grootgeword en skoolgegaan?** Ek het op ’n plaas buite Klerksdorp grootgeword en was in Laerskool Goudkop en Hoërskool Wesvalia.

> **“Ek is baie dankbaar vir my kinderjare, veral die tye wat ek alleen buite op die plaas rondgedwaal het.**

**Hoe sal jy jou kinderjare beskryf?** Ek is baie dankbaar vir my kinderjare, veral die tye wat ek alleen buite op die plaas rondgedwaal het. Ek het só my verbeelding ontwikkel en my eie wêreld geskep. Dit was nog in die dae waar jy in die straat afgeloop het na jou pelle toe en tot sonsondergang in die strate en parkies gespeel het. Vandag is dit nie so maklik nie en dis baie jammer en tragies.

**Min mense weet dat jy eintlik ’n kranige rugbyspeler was wat danksy ’n sportbeurs aan die Universiteit van Johannesburg (UJ) kon studeer, maar meer op akademie gefokus het nadat jy jou rug gebreek het. Jy het jou BCom-graad verwerf en in ’n stadium**

**as verkoopsman vir John Deere gewerk, terwyl jy ook 'n ruk lank as finansiële adviseur werksaam was. Hoe sal jy laasgenoemde ervarings beskryf en hoe het dit jou in jou loopbaan gehelp?** Ek het BCom studeer, maar ek wou die laaste paar vakke wat ek gekort het deur Unisa doen, en ek het dit nóú nog nie gedoen nie. Ek wou vroeg op my eie voete staan en het vinnig besef dat boeke jou nie die meeste gaan leer van die wêreld daarbuite nie. Jy moet dinamies kan dink en leer om dinge van verskillende kante af te benader. Ek is baie bly ek is daardeur en dit het my geleer om my *brands* alles as 'n besigheid te bestuur.

**Jy is al deur diep waters met jou gesondheid. Kardiomiopatie is onder meer by jou gediagnoseer. Hoe gaan dit nou met jou gesondheid en hoe hanteer jy dit dag tot dag?** Dit gaan baie goed. Die geheim is maar om 'n gesonde balans tussen gesond lewe en goeie tye te handhaaf.

**Wat is volgens jou die moeilikste aspek van komediant wees?** Ek dink om jou eie *brand* te bou.

**Wanneer kan die publiek weer 'n DVD verwag?** Die nuutste *show*, Lang Storie Kort, sal eersdaags gratis op al ons platforms beskikbaar wees danksy 'n borgskap van Castle Lite. Ons het gepraat en voel die mense verdien 'n bietjie verligting in hierdie tyd.

**Jy besit ook drie suksesvolle Hennie's-restaurante? Wat dink jy is die suksesresep hiervoor?** Ek dink ek verstaan die mark waarvoor ek *cater*, want ekself is daardie mark. Dit gaan oor 'n ervaring en ek is baie dankbaar dat die mense so positief daaroor is en dit ondersteun. Ons is vinnig op pad om nóg 'n paar takke reg oor die land te vestig.

**AfriForum se privaatvervolgingseenheid is juis besig om die SAPD te vervolg vir onregmatige optrede by een van jou restaurante in Pretoria. Is jy 'n ondersteuner van die organisasie?** Ek is 'n baie groot ondersteuner van AfriForum en die werk wat julle doen! Alles in die lewe moet 'n doel hê en dit moet meetbaar wees. AfriForum se werk en hulp wat die organisasie bied spreek vanself en ek dink julle en julle lede kan trots wees.

**Suid-Afrika is op sy beste deesdae nogal deurmekaar. Hoe voel jy oor die toekoms en steur jy jou enigsins aan politiek?** Ek haat politiek! Ek vermy dit ook in my *shows* omdat ek juis vir mense ontvlugting probeer skep met wat ek doen en hulle van die duidelike sirkus te laat vergeet! Ek is wel baie lief vir die land en is optimisties oor die toekoms!

**Hoe, waar en saam met wie ontspan jy die lekkerste?** Ek is baie gelukkig om 'n baie groot groep vriende en familie te hê en wanneer ek tyd het, is ek stout vir 'n braai of om Bosveld toe te gaan of 'n vissie te vang. Ek is maar 'n boerseun wat mal is oor jag en die natuur en stories. Partykeer deel ons dit en partykeer maak ons nuwes.

**Dink jy dat mense soms die verkeerde persepsie van jou het?** Ek dink nie dis my werk en doel om mense 'n spesifieke persepsie van myself te gee nie. Alhoewel ek 'n dieper kant het, is die primêre produk waarop ek fokus en met alles waarmee ek besig is, om mense ontvlugting te gee.

**As daar een ding in die wêreld is wat jy kon verander, wat sou dit wees?** Ek sou wou hê mense moet hul vermoë om te kan dink en logika toe te pas gebruik en nie met hulle emosies "dink" nie. As iemand 'n besluit neem op grond van emosie, gaan feite en logika geen impak hê om iemand se opinie te verander nie.



# Selfdoeners vul


Lichtenburg


Krugersdorp

Daar is nie meer 'n enkele dorp of stedelike gebied in die land waar daar nie soveel slaggate is dat motoriste letterlik swenk-swenk bestuur nie. Infrastruktuur en dienslewering onder die ANC-regering het só verval dat gemeenskappe geen ander keuse het as om self moue op te rol om veral slaggate op te vul nie. Slaggate is landwyd 'n krisis wat tot vele ongelukke, die dood van verskeie mense en miljoene rande se


Delmas


Zeerust


Phalaborwa


Springs


Coligny


Klerksdorp


Schweizer-Reneke

# **duisende** slaggate


Ottosdal

skade aan voertuie lei. In Mei is AfriForum-takke uitgedaag om iets hieraan te doen en inwoners is nie teleurgestel nie. Takke, buurtwagte en vrywilligers in die volgende dorpe het ingespring en ’n daadwerklike verskil gemaak: Springs, Vereeniging, Witrivier, Ottosdal, Parys, Schweizer-Reneke, Nylstroom, Lichtenburg, Coligny, Germiston, Krugersdorp, Secunda, Phalaborwa, Klerksdorp, Bloemfontein, Potchefstroom, Zeerust en Delmas.


Parys


Germiston


Vereeniging


Secunda


Cheetahs for Change in **Bloemfontein**


Witrivier


Potchefstroom



FOTO: ROZIER VAN TONDER

**Phillip van Staden,** voorsitter van die Naboomspruit-tak

# AfriForum bly druk uitoefen om verval te stuit

*Die burgerregtewaghond is deurlopend besig om druk op die regering en amptenare uit te oefen wat nie hul verantwoordelikhede en pligte nakom nie. AfriForum sal aanhou veg teen vergrype en onregmatige optrede.*

## Steenkoolmyn by wildtuin

AfriForum voer reeds geruime tyd 'n stryd om 'n beoogde steenkoolmyn op die voorstoep van die Nasionale Krugerwildtuin te keer.

Manzolwandle Investments (Pty) Ltd het die aansoek om die steenkoolmyn in 2019 ingedien. Dit is afgekeur, maar nadat die groep teen die besluit geappelleer het, is die appèl om onverklaarbare redes toegestaan. Manzolwandle Investments (Pty) Ltd is intussen deur Tenbosch Mining (Pty) Ltd oorgekoop.

AfriForum en Saai het onlangs ná byna twee jaar en ná die eerste vergadering en eerste aansoek in hierdie verband aan 'n openbaredeelnamevergadering in Marlothpark deelgeneem. Die proses is nes die vorige totaal gebrekkig. Die omgewingskonsultant Limpearth & Environmental (Pty) Ltd, wat die openbaredeelnamevergadering namens Tenbosch Mining (Pty) Ltd gelei het, was nie in staat om die toepaslike inligting aan die publiek beskikbaar te stel nie en was oor die algemeen ongeorganiseerd. AfriForum was genoodsaak om sy regspan opdrag te gee om 'n skrywe aan Limpearth & Environmental (Pty) Ltd te rig waarin versoek is dat die nodige dokumente vir kommentaar aan die belanghebbendes gestuur word aangesien die nodige inligting nie aan AfriForum gestuur is toe dié organisasie as geïnteresseerde en geaffekteerde party geregistreer is nie.

## Ekurhuleni

AfriForum het 'n aanmaningsbrief aan die Ekurhuleni-metro gestuur om dringend die Rietfontein-vullisterrein in Springs en die Rooikraal-vullisterrein in Boksburg, wat sedert Januarie 2021 gesluit is, te heropen.

Die metro is versoek om antwoorde en 'n aksieplan te verskaf rakende die sluiting van hierdie vullisterreine en wanneer die probleem opgelos gaan word. Volgens die metro ervaar hy uitdagings om 'n nuwe diensverskaffer aan te stel. Dít sal na verwagting einde Junie 2021 plaasvind.

## Naboomspruit

Ná maandelange volgehoue druk deur AfriForum se Naboomspruit-tak het die Modimolle-Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit tydens die eerste week van Mei 'n besoek by die rioolpompstasie in Roedtan afgelê, waarna dit binne 'n week herstel is.

Inwoners van Roedtan het AfriForum vroeër genader met klagtes omdat onverwerkte riool op sommige plekke in die gebied uitgepomp word. Die organisasie het sedert Julie 2020 reeds verskeie skrywes aan die munisipaliteit gerig en talle besoeke aan die munisipaliteit gebring oor onverwerkte riool in die omgewing.

## Kroonstad

AfriForum het 'n aanmaningsbrief aan die Moqhaka Plaaslike Munisipaliteit oorhandig om hulle op terme te plaas. 'n Dringende beroep is op die munisipaliteit gedoen om onmiddellik aandag te skenk aan voortdurende rioolstortings in die Valsrivier. Boonop funksioneer die rioolwerke nie behoorlik volgens regulasies nie en riool vloei in oop velde en langs strate af, wat dan eindelik ook in die rivier opeindig. Visvrektes is deur die loop van Februarie en Maart 2021 aangeteken.

## Delareyville en Mahikeng

AfriForum het 'n regskrywe aan die onderskeie munisipale bestuurders by die plaaslike én distriksmunisipaliteit in Delareyville en Mahikeng gestuur om dié munisipaliteite op terme te plaas weens swak watervoorsiening. Dít volg nadat inwoners van Delareyville reeds in 2021 vir 35 dae sonder water was. Dié gemeenskap was in 2020 vir 119 dae sonder water. Dit het die AfriForum-takbestuur in Delareyville genoop om regstappe te doen.

## Sentrum

AfriForum se Sentrum vir Plaaslike Regering is onlangs geloods tydens die bekendmaking van die Noordwes Munisipale Oudit. Dié sentrum is begin in reaksie op die algemene verval en agteruitgang van munisipale dienste in veral die platteland. "Minder as 10% van munisipaliteite in die land het skoon oudits gekry," sê dr. Eugene Brink, bestuurder van dié sentrum. Die oudit vir Noordwes wys die meeste munisipaliteite is in 'n benarde posisie. Verbrokkelde infrastruktuur, korrupsie en swak dienslewering is algemeen.

# Honderde hektaar gras gesny

Deur Marthinus Koekemoer

Munisipale verval is aan die orde van die dag en skoon dorpe is deesdae eerder die uitsondering as die reël. AfriForum se takke woeker egter elke dag om 'n verskil te maak en in die afgelope 15 jaar van die organisasie se bestaan is letterlik honderde hektaar gras gesny om dorpe skoon te hou.

Die AfriForum-tak in Sasolburg het in Februarie meer as 30 ha gras gesny, in Maart amper 50 ha en in April meer as 14 ha, terwyl nóg nagenoeg 5 ha skoongemaak is. Taklede het gras gesny in Mosega-, Magersfontein- en De Wildtstraat, rondom die gebied by die Hoëveldse Tuine, in Nuwekloofstraat, by die groenstrook naby Mia's Place, in Snyman-, Jan Smuts- en Oppermanstraat, in President Swartweg, asook by die Koebergkerk.


Sasolburg

Die Sasolburg-tak het verder ongeveer 'n week lank gewerk om die groenstrook tussen Rubens- en Van Wouwstraat skoon te maak, waar hulle onder meer gras gesny, bome gesnoei en tuinvullis weggery het. Die tak het ook rondom die verspreidingshuis in Snymanstraat skoongemaak om brandgevaar te verminder.

Lede van AfriForum se Kranspoort- en Marble Hall-tak het in samewerking met lede van die Vereniging vir Afrikanerweermagveterane van Groblersdal en Marble Hall die gras rondom die Loskopdamkoppiemonument gesny, terwyl hulle ook gehelp het om dié monument te restoureer en dit daarna geoudit het as deel van AfriForum se nasionale monumentoudit wat in Maart 2021 afgeskop het en voortaan jaarliks sal plaasvind. Die doel van die monumentoudit is om die Afrikaner se erfenis vir ons nageslagte te help bewaar. Dié monument sal voortaan gereeld skoongemaak word.

Die lang gras op die R515 in Cullinan was lank 'n steen des aanstoots en 'n faktor wat tot misdaad bygedra het. AfriForum-taklede het in Maart die gras langs die brug tussen Suid- en Jennerstraat in Rayton gesny en die aangrensende gebiede verder skoongemaak.

In Kuruman is daar gras gesny in Middelplaas by die kruising van Poolman- en Thompsonstraat, asook


Kuruman

op die pad na Hotazel (R380). Gras is by nog 16 ander kruisings gesny en die gebiede aangrensend die kruisings is ook opgeruim. Brandkrane is weer sigbaar nadat gras onder meer op die Hotazel-pad en die Nick Fourie-deurpad, in Poolman-, Hibiscus- en Cunninghamstraat, in Seodinweg, asook by die ou Kommandokantore gesny is. Daar is ook gif gespuit om te verhoed dat onkruid weer groei.

In Fochville was 25 mense by 'n skoonmaakprojek betrokke waartydens gras gesny en die Groot Trek-gedenkmonument opgeknap is. Sowat 80 swartsakke se vullis is weggery.

Ná 'n noodkreet aan vrywilligers vir hulp met grassny by die Voortrekkermonument (VTM) het die AfriForum-tak in Centurion op 8 Maart saam met taklede en ander vrywilligers by die monument bymekaargekom om dié reusetaak aan te pak. Die voortslepende COVID-19-pandemie het die VTM verlede jaar in 'n geldelike verknorsing laat beland, terwyl die monument ook boonop 'n tekort aan tuinpersoneel ondervind het. Die eens sigbare trappe van die gewilde amfiteater op die monument se terrein was heeltemal toegegroei. Dit het drie dae se werk geneem om die gras weer kort en netjies te kry. Die tak het ook sy splinternuwe trekker, wat aangekoop is om die gemeenskap te dien, ingespan om dié taak aan te pak. Taklede het ook ingespring om die gras by die Centurion Jukskeiklub te sny.

Die AfriForum-tak in Wolmaransstad het ook gras rondom die plaaslike hoërskool en die Diamantoord gesny en die aangrensende gebiede skoongemaak. Daar is ook gif op die sypaadjies gespuit om die groei van onkruid te beheer.


Centurion-taklede sny gras by die Voortrekkermonument.

# AfriForum verwyder tonne vullis uit woonbuurte

Deur Marthinus Koekemoer

Vullisverwydering is 'n groot kopseer in dorpe en stede reg oor die land. Munisipaliteite kom nie hul verpligting teenoor inwoners en belastingbetalers na nie, wat hulle gevolglik dwing om self in te gryp en moue op te rol.

Bloemfontein is 'n goeie voorbeeld waar keelvol inwoners self planne maak om vullis te verwyder. Die Rayton-Heuwelsig-tak in die stad het in Mei reeds meer as 190 ton vullis verwyder, terwyl al die Bloemfontein-takke saam meer as 600 ton vullis verwyder het.

Die Langenhovenpark-tak in dié stad het onlangs 'n trekker bekom wat die skoonmaakprojek in Du Plessisrylaan vergemaklik het. Pionier-kontrakteurs en Anchor of Hope het ook hand bygesit deur gras te sny, sypaadjies skoon te maak en tuinvullis bymekaar te maak.

Die Pellissier-tak, ook in Bloemfontein, het verkeerstrepe op die paaie rondom die President Brand Primêre Skool geverf en die AfriForum-parkie in Janfiskaalstraat skoongemaak.

In Tzaneen het die AfriForum-buurtwag die parkie in Maritzstraat skoongemaak en opgeknap. Dié parkie was besaai met rommel en het 'n gereelde woonplek vir sluipslapers geword. Die tak het nuwe speelapparaat opgerig, asook verbeterings aan die bestaande apparaat aangebring.

AfriForum-taklede in Springs het ook moue opgerol en gehelp om 243 swartsakke vullis in 6de- en 8ste Straat te verwyder.

Die AfriForum-tak in Centurion het oor 'n periode van twee maande meer as 580 sakke vullis in Highveld verwyder. Die tak het ook toegesien dat bossies op verskeie sypaadjies



Springs-taklede het 243 swartsakke vullis verwyder.

met gif gespuit word om verdere groei te verhoed. Lutanstraat, Westlaan, Nellmapiusrylaan, Ou Johannesburgweg en Hendrik Verwoerdrylaan word weekliks skoongemaak.

Die AfriForum-tak in Upington het in samewerking met Fit It en ander rolspelers in Maart die middedorp skoongemaak. Dít volg nadat verskeie gemeenskapslede AfriForum genader het met klagtes oor die toestand van die dorp omdat die munisipaliteit versuim om die gebied skoon te maak. Die tak het verskeie skoonmaakprojekte van stapel gestuur, waaronder by die Kalahari-winkelsentrum, voor die Laerskool Oranje-Noord en rondom die Hoërskool Duineveld. Malherbestraat is ook skoongemaak nadat die tak die gras op die middelmanne gesny het.

Die AfriForum-tak in Coligny het die dorp in Maart skoongemaak. Voortrekkerstraat, die dorp se hoofstraat, is onder meer skoon en netjies gemaak. Tydens die skoonmaakprojek het die tak hoofsaaklik die gras op die sypaadjies en die middelmanne gesny, terwyl rommel ook opgetel is. Dít volg ná die munisipaliteit se totale versuim die afgelope tyd om die dorp skoon en netjies te hou.

AfriForum Jeug se Kempton Park-tak het gehelp om rommel by die Elgin-brug op te tel. Bossies is ook uitgetrek en die omgewing is netjies gemaak. Talle motoriste ry daagliks onderdeur die brug en die gebied het baie onversorg begin lyk.

Die AfriForum-buurtwag in Stilfontein het in April in samewerking met die VF Plus die werk aan die Kowie-sirkel, wat hulle tydens die Paasnaweek skoongemaak het, voltooi. Dié groot verkeersirkel, asook die omliggende verkeersirkels se randstene is geverf sodat dit weer duidelik sigbaar is vir motoriste. Die padmerkers, wat omtrent glad nie meer sigbaar was nie, is ook oorgeverf.

Ná voltooiing van 'n vier uur lange bergpatrollie het lede van AfriForum se Oos-Moot-tak op 'n boom afgekom wat die pad op die hoek van Haarhoffstraat en 26ste Laan versper het. Die boom het op pad grond toe kragkabels ontwrig en die omliggende gebiede gevolglik sonder elektrisiteit gelaat. Die kragonderbreking is vinnig aangemeld en die tak het die boom stuk-stuk opgesaag en weggery.



AfriForum besig met 'n skoonmaakprojek in Springs.




AfriForum is al 'n geruime tyd by vullisverwydering in Bloemfontein betrokke.




In Messina het die AfriForum-buurtwag gehelp om 'n aantal onwettige immigrante in hegtenis te neem.

# AfriForum-buurtwagte beveilig gemeenskappe

Deur Marthinus Koekemoer

Een van die belangrike skakels in 'n suksesvolle en veilige gemeenskap is plaaslike buurtwagte. AfriForum se buurtwagte het in die afgelope maande, soos in die afgelope 15 jaar, groot suksesse in dorpe behaal waar hulle misdaad help bestry het.

AfriForum se Potgietersrus-buurtwag het 'n bedrywige April agter die rug. Buurtwaglede het onder meer die SAPD met 'n klopjag gehelp waartydens twee verdagtes vir gewapende roof in hegtenis geneem is. Daar is ook op 'n vuurwapen beslag gelê wat aan 'n huisbraak verbind word. In 'n ander voorval is die buurtwag na 'n ongelukstoneel ontbied. 'n Voertuig het gerol, maar die bestuurder het op die vlug geslaan. Die buurtwag het die bestuurder later opgespoor en aan die SAPD oorhandig sodat verdere ondersoek gedoen kan word. Nog vyf verdagtes is in twee ander voorvalle in hegtenis geneem. Voorts is twee motordiewe, wat verlede jaar vasgetrek is, in Maart tot sewe jaar tronkstraf gevonnis. 'n Voetpatrollie om sigbaarheid te verhoog is ook gehou.

Agt onwettige immigrante het hul rieme styfgeloop nadat die AfriForum-buurtwag in Messina op hulle toegeslaan het. Die buurtwag het in samewerking met die SAPD en die verkeerspolisie gehelp om mense wat 'n plaaslike poskantoor in blyplek omskep het, te verwyder. Dit is ook hier waar die onwettige immigrante aangetref en in hegtenis geneem is. In 'n ander voorval het die buurtwag op 'n noodoproep gereageer nadat 'n plaaslike inwoner se hond aan die blaf geraak het toe 'n inbreker reeds halflyf deur die diefwering van 'n woning was. Buurtwaglede het die verdagte in die erf aangekeer.

AfriForum se Sasolburg-buurtwag het gereeld aan oorgrenspatrollies deelgeneem, asook aan die organisasie se nasionale massapatrollie. Twee buurtwaglede het opleiding ontvang en sal nou hul kennis plaaslik kan toepas.

Die AfriForum-buurtwag in Bultfontein het in samewerking met die SAPD vyf verdagtes op 'n plaas wat aan die dorp grens vir diefstal en poging tot veediefstal in hegtenis geneem. Die buurtwag is in kennis gestel dat daar 'n poging tot veediefstal op 'n plaas was, waarna beskikbare buurtwaglede onmiddellik ontplooi is. Die verdagtes het op die vlug geslaan, maar is danksy die flink optrede van die buurtwag en SAPD aangekeer. In 'n verdere soektog is daar ook op twee ongeslypte diamante afgekom.



AfriForum se Potgietersrus-buurtwag het gehelp om die bestuurder van 'n voertuig wat gerol het op te spoor nadat hy van die ongelukstoneel gevlug het.

AfriForum se Bothaville-buurtwag het baie goed saam met die SAPD gewerk. 17 arrestasies is uitgevoer nadat die SAPD op die buurtwag se wenke gereageer het. Hierdie arrestasies was onder meer vir dwelmhandel, die besit van dwelms, die besit van gevaarlike wapens, onwettige immigrante en die misbruik van drank in die openbaar.

Die AfriForum-buurtwag in Bronkhorstspruit het op 'n vragmotor in 'n landery afgekom. Die SAPD het die vragmotor se VIN-nommer nagegaan en sodoende tot die gevolgtrekking gekom dat dit in Brakpan as gesteel aangemeld is. Die buurtwag het ook in samewerking met verskeie ambulansdienste, 'n sekuriteitsmaatskappy en twee insleepdienste aan 'n massasigbaarheidspatrollie deelgeneem.

In Dullstroom het die AfriForum-buurtwag by verskeie ongelukstonele in en om die dorp bystand verleen en gehelp om die verkeer te reguleer terwyl die nooddienste op die tonele besig was. By een ongeluk moes die pad heeltemal gesluit word en die buurtwag het toegesien dat die lugambulans veilig kon land om die pasiënt te vervoer. Gereelde patrollies en 'n massapatrollie is ook gehou om te help om misdaad in die dorp te bekamp.

AfriForum se buurtwag in Naboomspruit het 'n verdagte in verband met motordiefstal in hegtenis geneem. 'n Wit Toyota-bakkie is op die betrokke dag in Nylstroom gesteel en kommunikasie is uitgestuur om op die uitkyk te wees daarvoor. Daar is gevolglik verneem dat die voertuig in 'n noordelike rigting na Naboomspruit beweeg, waarna 'n lid van die gemeenskap die bakkie by 'n vulstasie opgemerk en die buurtwag gekontak het. Die verdagte is in hegtenis geneem en saam met die gesteelde voertuig aan die SAPD oorhandig.

In Ellisras het die AfriForum-buurtwag 'n sigbaarheidspatrollie saam met die SAPD uitgevoer.



Forum Sekuriteit help met die vervoer van 12 leeus en twee tiere.

# AfriForum-taklede spring self in om dorpe reg te ruk

*Lede van AfriForum-takke reg oor die land het die afgelope paar maande ingespring om self hul dorpe reg te ruk. Hulle het behoorlik gewoeker om die lewens van inwoners te verbeter.*

## Herwinningshokke

AfriForum se Centurion-tak het herwinningshokke aan die Laerskool Swartkop in Valhalla geskenk. Daar is afsonderlike hokke vir glas, plastiek en metaal. Leerders, onderwysers en ouers verbonde aan die skool word aangemoedig om dié hokke vir herwinning te benut. Voorts het die tak R10 000 aan Huis Jubilee, ’n ouetehuis waarvan die inwoners slegs staatspensioen ontvang en nie kan bekostig om baie geld aan behuising te bestee nie, geskenk. Die ouetehuis se bestuur wil graag nuwe woonstelle bou en die tak het ook materiaal geskenk om hulle met dié projek te help.

## Vervoer van diere

Forum Sekuriteit het gehelp met sowel die vervoer as die beskerming van 12 leeus en twee tiere tydens ’n verskuiwingsoperasie van Ubuntu Wildlife Sanctuary van Groot-Marico na hulle nuwe tuiste in Oudtshoorn. ’n Konvooi van 23 voertuie en 70 mense het die langpad van Groot-Marico tot in Oudtshoorn aangedurf. Forum Sekuriteit het grondvlakbeskerming gebied deur saam in die konvooi te ry, terwyl hulle ook lugbeskerming gebied het danksy hulle lugvleuel wat drie vliegtuie en twee hommeltuie om die beurt afgewissel het. Dié operasie vorm deel van Forum Sekuriteit se



Forum Sekuriteit help met die vervoer van 12 leeus en twee tiere.

strewe om gemeenskappe by te staan en die beskerming van wild speel ook ’n rol om gemeenskappe meer weerbaar te maak.

AfriForum se Groter Moot-buurtwag het ook in Mei ondersteuning gebied tydens die vervoer van twee siek leeus na die Old Chapel-dierekliniek vir mediese behandeling.

## Skenking aan On Track-Tor for Charity

Die AfriForum-tak in Boshof het onlangs meer as R5 000 vir dr. André Hattingh se On Track-Tor for Charity-veldtog ingesamel. Hattingh het in Mei deur dié dorp beweeg as deel van sy 2 500 km lange toer op ’n trekker deur Suid-Afrika om geld in te samel vir kinders wat nie toegang tot behoorlike mediese sorg het nie. Die tak het die geld in samewerking met Da Capo Gastehuis, Rita Wessels en die gemeenskap ingesamel.



Die Potchefstroom-tak het spoedhobbels voor die Hoërskool Die Wilge geverf.

## Spoedhobbels

In Potchefstroom het die AfriForum-tak drie spoedhobbels in Rocherstraat voor die Hoërskool Die Wilge geverf. Aangesien die hobbels om ’n draai in die pad geleë is, hou dit ’n gevaar vir sowel motoriste as leerders in. Die pad is ook baie besig en dus is dit noodsaaklik dat die hobbels se verf in stand gehou word om veiligheid te verseker.

## Lugversorger

AfriForum se Rustenburg-tak het ’n lugversorger ter waarde van R7 000 aan die Miernes Kleuterskool in Safari Tuine geskenk. Dié

kleuterskool het sy deure in April geopen en die tak wou die skool graag deur middel van hierdie skenking in staat stel om op 'n optimale wyse te funksioneer en van krag tot krag te groei.

## Veiligheid

AfriForum se Oos-Moot-tak het in Maart in samewerking met die Vriende van Colbyn Ridge die lang gras langs 'n gevaarlike draai op Kilnertonweg gesny. Die tak het met die Tshwane-metro geskakel, wat 'n span gestuur het om met dié taak te help. Hierdie gedeelte van die pad is onveilig omdat motoriste dikwels teen 'n hoë spoed daar ry en die digte bome en lang gras sigbaarheid om die draai verswak.


Die Kraaifontein-tak het water en energie-drankies aan brandbestryders geskenk.

## Brande

Die AfriForum-tak in Kraaifontein het in April hulp aan verskeie rolspelers verleen wat betrokke was by die bestryding van die verwoestende brande aan die hange van Duiwelspiek en Tafelberg. Brandweerspanne het dae lank geswoeg om die brande onder beheer te bring. Verskeie eiendomme en historiese geboue is in die brande verwoes. Dié tak het 120 bottels water, 36 bottels energiedrankies en 60 energiestafies aan die plaaslike brandweerdiens geskenk en op dié manier hul dankbaarheid aan die brandbestryders betoon.


Die Centurion-tak het gehelp om die ou militêre begraafplaas in Voortrekkerhoogte skoon te maak.

## Begraafplase

AfriForum Jeug het in April gehelp om die begraafplaas in Volksrust weer skoon en netjies te maak. Nadat gemeenskapslede die jeugorganisasie om hulp genader het, is vyf nuwe bossiekappers aangekoop om dié projek aan te pak. Plaaslike ondernemings het ook hand bygesit, terwyl 'n tweede skoonmaakprojek ook intussen in Mei gehou is.

Die Delareyville-begraafplaas se grafte was nie meer sigbaar vanaf die ingang nie omdat dit toegegroei was onder bosse, onkruid en gras. Dít het tot gevolg gehad dat inwoners vir lank nie die grafte van hul afgestorwe geliefdes kon besoek nie. Die lang gras het dit ook onveilig vir besoekers gemaak. Die dorp se AfriForum-tak het egter met die hulp van inwoners en plaaslike ondernemings ingespring en in Maart 'n groot projek van stapel gestuur om die begraafplaas behoorlik skoon te maak.

Die AfriForum-tak in Centurion het in samewerking met Die Orde van die Boshoed begin om die ou militêre begraafplaas in Voortrekkerhoogte (nou Thaba Tshwane) skoon te maak. Dié begraafplaas is in 'n haglike toestand: Boumateriaal en huisvullis word onwettig daar gestort, die plantegroei het byna alles toegegroei en oop vure word gereeld daar gemaak. Die tak het 'n trekker en snyer, 'n industriële grassnyer en talle bossiekappers gebruik om die gras netjies te sny en sommige van die bosse te verwyder. Die omgewing aan Valhalla se kant het in 'n onwettige vullisterrein verander en sakke vol vullis is opgetel en verwyder. 'n Veiligheidspatrollie is ook by die Centurion-begraafplaas gehou in 'n poging om misdaad daar hok te slaan.

In Bloemfontein is instandhoudingswerk by die President Brand-begraafplaas gedoen. Dié perseel het verlede jaar tydens die COVID-19-inperking vinnig agteruitgegaan.

Intussen het AfriForum se Parys-buurtwag in samewerking met Parys Selfdoen die plaaslike museum geverf en rondom die museum skoongemaak. Dieselfde span het ook begin om die ou begraafplaas skoon te maak. Dit is 'n reusetaak wat nog nie afgehandel is nie, maar die projek gaan voort. Inwoners wat geliefdes het wat daar begrawe is, word versoek om met die skoonmaakproses te kom help.


Buurtwaglede in Parys het die ou begraafplaas skoongemaak.

# Nuwe AfriForum-streekkantoor en -takke

AfriForum se nuwe streekkantoor in Durbanville, Kaapstad is in Mei geopen. Die organisasie het meer as 40 000 lede in die Wes-Kaap en gaan verskeie gemeenskapsprojekte, veral rakende veiligheid, vanuit dié kantoor en deur sy plaaslike takke in die provinsiale strukture bestuur. AfriForum beywer hom ook vir groeiende outonomie in dié provinsie en sien die desentralisering van mag as oplossing vir die krisisse in die land. Nuwe takke is ook in Langebaan in die Wes-Kaap en Zastron in die Oos-Vrystaat gestig.

Volpunte vir kliëntediens!
3 JAAR IN 'N RY

# Saam sorg ons vir die dag v



**Hoekom net jou kar verseker, as jy jou kar én ons toekoms kan verseker?**

Deur Virseker kry jy meer as net uitstekende voertuigversekering – jy dra ook daartoe by dat ons jongmense die kans kry om te studeer. Ons het oor die jare miljoene deur die Virseker Trust spandeer om Afrikaanse onderriginstansies te ondersteun, en om rentevrye studielenings aan Afrikaanse studente beskikbaar te stel.
**Want saam verseker ek en jy Afrikaans.**

**| Skakel ons by 0861 11 28 70.**
**| SMS 'VIRSEKER' na 43373.**
**| Besoek virseker.co.za.**

Bs en Vs aanlyn. A&G gemagtigde versekeraar en FDV.
* Bes-presterende produk in die korttermynversekeringsbedryf: 2018, 2019 en 2020 – SAcsi.


virseker
TRUST
van môre
virseker
Jou versekering, jou mense, jou taal.
'n Produk van auto & general



FOTO: MARTHINUS KOEKEMOER

**Wico Swanepoel**, **adv. Phyllis Vorster**, **Andrew Leask**, **adv. Gerrie Nel** en **Slang Maangwale** van AfriForum se privaatvervolgingseenheid en **Anthony Sehas** van die Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat (OPOD).

# Deurbrake in verskeie hofsake danksy volgehoue druk

Deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se privaatvervolgingseenheid onder leiding van adv. Gerrie Nel het die afgelope paar maande groot sukses en deurbrake in sommige hofsake gehad danksy volgehoue druk teen ongeregtigheid.

## SANETTE ERASMUS

AfriForum het Sanette Erasmus in die Pretoriase Landdroshof ondersteun ná 'n kollega haar glo by die Wierdabrug-polisiestasie in Centurion aangerand het. Die organisasie se privaatvervolgingseenheid het Erasmus, 'n senior administrasiebeampte van die SAPD, gehelp om strafregtelike klagtes teen Lizzie Kganyago aanhangig te maak nadat polisiebeamptes aanvanklik geweier het dat sy klagtes lê.

Nadat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) aangedui het dat hulle Kganyago nie gaan vervolg nie, het die privaatvervolgingseenheid Erasmus gehelp om vir 'n nolle prosequi-sertifikaat aansoek te doen om Kganyago privaat te vervolg. Nadat die aansoek ontvang is, het die NVG onverwags aangedui dat die saak nog ondersoek moet word. Die verhoor duur voort.

## ANJA PENTZ

'n Klagte van openbare dronkenskap is teen Anja Pentz van Centurion teruggetrek ná ingryping deur AfriForum se privaatvervolgingseenheid. Pentz is in Mei glo deur beamptes van die Wierdabrug-polisiestasie aangerand en ure lank opgesluit nadat sy 'n kapingspoging by dié polisiestasie wou aanmeld.

Die polisiebeamptes het haar van openbare dronkenskap aangekla en toegesluit toe sy probeer het om foto's van hulle te neem waar hulle versuim het om haar met die aanmelding van 'n misdaad te help. Ses stasiebeamptes het in stoele teen die muur gesit en geen poging aangewend om Pentz te help toe sy die kapingspoging wou aanmeld nie. Nadat sy egter haar selfoon uitgehaal het om foto's hiervan te neem, het een van die beamptes opgestaan en haar in kru taal gevra waarmee sy besig was. Hy het Pentz agter die nek gegryp en haar vir openbare dronkenskap gearresteer. Pentz is tot 03:45 die volgende oggend in die aanhoudingselle toegesluit.

## MIDDELBURG-SAKE

Die privaatvervolgingseenheid het in drie sake in Middelburg, Mpumalanga namens die families van die slagoffers vordering van die SAPD, asook die NVG versoek. In sommige van hierdie sake was daar bewerings dat die dossier verdwyn het, terwyl sowel die NVG as die SAPD in ál hierdie sake versuim het om voldoende terugvoer aan die oorledenes se



Adv. Gerrie Nel

naasbestaandes te gee.

Die NVG het verlede jaar aangedui dat hulle wel die vervolging teen Khumbulani Malinga gaan herinstel nadat hy na bewering **Lizel Visagie** doodgery het. Dít volg ná die privaatvervolgingseenheid aan die NVG en die SAPD geskryf het dat hulle namens Visagie se naasbestaandes optree. Visagie het tydens die voorval haar dogter uit die pad van Malinga se motor gestamp terwyl hy besig was om van die verkeerspolisie te vlug. Visagie het onderweg na die hospitaal aan haar beserings van die ongeluk beswyk. Die saak is uitgestel.

In die saak waar **Alet Herbst** en **Lina Lukele** in 'n ongeluk gesterf het, het die NVG ook besluit om vervolging in te stel ná die privaatvervolgingseenheid navraag gedoen het oor die redes waarom geen vervolging nog ingestel is nie. Die beskuldigde word aangekla op twee klagtes van strafbare manslag en het reeds in April in die hof verskyn. Die saak duur voort.

**Gerhard Coetzer** is in 2018 in Middelburg doodgeskiet. Die NVG het versuim om enige stappe te doen totdat AfriForum se privaatvervolgingseenheid namens Coetzer se weduwee vordering versoek het. Die aanklaer het die saak daarna na die Direkteur van Openbare Vervolging (DOV) in Mpumalanga verwys wat gelas het dat 'n geregtelike doodsondersoek na die dood van Coetzer gedoen moet word. Die landdros sal tydens die ondersoek onder meer 'n besluit neem oor of Coetzer se dood veroorsaak is deur 'n misdaad wat deur 'n ander persoon gepleeg is. Daar bestaan getuienis in hierdie saak dat Coetzer nié tydens 'n rooftog nie, maar wel deur 'n persoon bekend aan hom geskiet is.



Bridgette Motsepe-Radebe

## BOTSWANA

Die regering van Botswana het advv. Gerrie Nel en Phyllis Vorster, 'n aanklaer by die privaatvervolgingseenheid, en Andrew Leask, hoofondersoeker by die privaatvervolgingseenheid, aangestel om die voorverhoorverrigtinge in dié land se vervolging van Welheminah Mphoeng Maswabi te behartig.

Maswabi was 'n agent van Botswana se Direktoraat van Intelligensiedienste en word tans in die Broadhurst Landdroshof vervolg vir die besit van onverklaarbare eiendom en die aflê van 'n vals verklaring met betrekking tot 'n paspoort. Verskeie mediaberigte in dié land maak verder bewerings teen Maswabi dat sy terrorisme gefinansier het deur geld te verskuif wat gekoppel kan word aan Isaac Kgosi, die voormalige spioenhoof in Botswana.

Bridgette Motsepe-Radebe, vrou van oudminister Jeff Radebe en skoonsuster van pres. Cyril Ramaphosa, word ook in die media daarvan beskuldig dat sy 'n mede-ondertekenaar was van rekeninge ter waarde van miljarde pula. Nel en Vorster is aangestel om wedersydse regshulp in dié saak met betrekking tot Motsepe-Radebe met die Suid-Afrikaanse regering te fasiliteer.

"Dit is 'n pluimpie vir lede van die privaatvervolgingseenheid en AfriForum om internasionaal erken te word vir die werk wat ons doen. Die beginsel van gelykheid voor die reg en vervolging sonder politieke inmenging is van die hoofredes waarom die privaatvervolgingseenheid gestig is," sê Nel.

Nel het ook aangedui dat daar geen terugvoer kragtens die versoek vir wedersydse regshulp van die Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste ontvang is nie. Dié departement het versuim om die mandamus-aansoek te opponeer wat ten doel het om hulle te dwing om wedersydse regshulp aan die Botswana-regering te verleen. Die aansoek is op die ongeopponeerde hofrol vir 7 Julie 2021 geplaas.

## SOLOMON NENGWANE

Die geregtelike ondersoek na die dood van Solomon Nengwane is in die Brits Landdroshof vir 20 tot 23 September op die hofrol geplaas. Adv. Gerrie Nel tree namens Nengwane se familie op. Die persone van belang is agt senior polisiebeamptes onder wie se toesig die slagoffer in aanhouding oorlede is.

Nengwane is een van vyf persone wat gearresteer en deur die polisie ondervra is nadat miljoene Amerikaanse dollar én dwelms uit 'n Benoni-polisiestasie gesteel is. Bovermelde agt beamptes was destyds deel van die taakspan wat die saak ondersoek het. Die gesteelde items is nooit gevind nie en verskeie getuies het luidens mediaberigte onder verdagte omstandighede verdwyn. Die amptelike weergawe is dat die SAPD Nengwane na die Dr. George Mukhari Akademiese Hospitaal geneem het en dat hy reeds oorlede was toe hulle by die hospitaal aangekom het. Die SAPD het sy liggaam by die hospitaal gelos.



## RUAN COEN EN JESSIKA KENNEDY

Ruan Coen (26) en Jessika Kennedy (25) is in 2017 in 'n motorongeluk op die N4-snelweg buite Pretoria oorlede. Die man wat glo die ongeluk veroorsaak het sal uiteindelik sy dag in die hof kry. Hy sal op twee aanklagte van moord verskyn ná die privaatvervolgingseenheid by die saak betrokke geraak het.

Volgens Ursula Kors, Coen se ma, het die Silverton-polisiestasie nie juis veel vordering met die saak gemaak nie en het sy gevolglik met adv. Gerrie Nel in verbinding getree. 'n Nuwe dossier moes van voor af opgestel word ná dit aan die lig gekom het dat die oorspronklike een by die polisiestasie weggeraak het. Met die nuwe dossier kon die NVG wel 'n saak teen die verdagte maak.

# Modise nog nie skotvry ná AfriForum appelleer

Deur Marthinus Koekemoer

Thandi Modise, speaker in die parlement, is nog nie skotvry op aanklagte van dieremishandeling en verwaarlosing nie nadat haar aansoek om ontslag vroeër in die Potchefstroomse Streekhof geslaag het.

Adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, wat die Nasionale Raad van Dierebeskermingsverenigings (NRDBV) in die saak teen Modise bystaan, gaan teen die uitspraak van landdros Ben Mtebele appelleer.

Die hofsaak is reeds uitgerek nadat Modise 'n paar keer nie daarvoor opgedaag het nie. Adv. Dali Mpofu, Modise se regsverteenwoordiger, het 'n artikel 174-aansoek vir haar ontslag gebring nadat die hofsaak reeds begin het. Hy het aangevoer dat die saak teen haar polities gedrewe is en dat sy nie vir die dood van meer as 200 diere op haar plaas verantwoordelik gehou kan word nie. Volgens hom is Tebogo Mokaedi, die plaaswerker wat laaste op haar plaas gewerk het, aanspreeklik. Mtebele het hom gelyk gegee.

Nel het in sy betoog uitgewys waarom Modise nie kwytgeskeld kan word nie. Volgens hom het Modise in gebreke gebly om iemand aan te stel om na die diere om te sien en daarom is sy dus self verantwoordelik. "Die beskuldigde was verplig om 'n verweer te openbaar en leemtes in die getuienis aan te vul. Sy was die enigste persoon wat vir die hof kon sê wie op die plaas was en hoe die tragedie voorkom kon word. Selfs as ons sou aanneem dat sy Mokaedi wel aangestel het om na die diere om te sien, was hy duidelik nie gekwalifiseerd om die werk te doen nie. Voorts was daar nie genoegsame voer vir die varke nie en al sou hy daar aangebly het, sou dit geen verskil gemaak het nie."



Mokaedi het tydens die saak getuig hoe hy vir omtrent twee maande op Modise se plaas gewerk het, slegs R200 oor dié tydperk betaal is en dat hy uiteindelik bedank het omdat hyself nie kos gehad het om te eet nie. Hy het blykbaar verskeie kere gekla dat daar nie genoeg voer vir die diere was nie en wanneer voer wel afgelewer is, het dit opgeraak.

Verskeie getuies wat in 2014 op die toneel was toe die NRDBV ondersoek op Modise se plaas gaan instel het, het getuig van die haglike omstandighede waarin die diere verkeer het. Grace de Lange, senior inspekteur by die NRDBV se plaasdiereeenheid, het getuig daar was 'n stank van verrotte diere oor die hele plaas en dat die toneel afgryslik was.

Dr. Sameer Abbas, 'n veearts, het getuig oor skokkende tonele op die plaas en die duidelike lyding waaraan die diere onderwerp is. Volgens hom het die ontbinde oorblyfsels van diere getoon dat van die diere al 18 maande vroeër dood is.

Daar was verbasing en misnoeë uit verskeie oorde oor die hofuitspraak.

Marcelle Meredith, uitvoerende direkteur van die NRDBV, het die uitspraak as betreurenswaardig bestempel.

Volgens Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, kan die hofuitspraak groot skade aan die beeld van Suid-Afrikaanse boere op die internasionale mark aanrig. "Iemand van Modise se statuur behoort van beter te weet. Die uitspraak wat die hof gelewer het, stuur 'n uiters slegte sein aan kopers in die buiteland om nie eens te praat van die effek wat dit op voedselsekerheid hier kan hê nie.

"As eienaar van 'n plaas is jy verantwoordelik vir wat op jou plaas gebeur, maar hierdie uitspraak laat dit lyk of 'n mens kan doen wat jy wil en dit maak nie vir my sin nie. Iemand wat so iets met die diere op hul plaas laat gebeur behoort in my opinie nie 'n plaas te hê nie."

Dr. Theo de Jager, direksievoorsitter van die familieboerorganisasie Saai, sê die afloop van die saak teen Modise skep groot verwarring in die landbousektor oor waar die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid van veeboere ten opsigte van dierewelsyn lê. "Daar heers ook kommer dat dit Suid-Afrika in die internasionale mark, wat uiters sensitief oor dierewelsyn en die integriteit van die regulatoriese waarborge vir aanvaarbare standaarde is, reputasieskade kan laat ly wat die bedryf onberekenbare skade kan berokken."

Andrew Leask, hoofondersoeker by AfriForum se privaatvervolgingseenheid, sê daar is genoegsame gronde om te appelleer.



**Adv. Gerrie Nel** aan die woord tydens die Thandi Modise-dieremishandelingsaak.





**Thandi Modise** in gesprek met **adv. Dali Mpofu**, haar regsverteenwoordiger.

# Gemeenskappe kan in opstand kom ná Koster-uitspraak

Deur Alet Rademeyer

Die inwoners van Koster in Noordwes steier ná die hofuitspraak in Mei waarin beslis is dat die Kgetlengrivier Besorgde Inwoners (KBI) die water- en rioolaanlegte in Koster en Swartruggens aan die Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit moet teruggee nadat die werke vir 'n geruime tyd suksesvol bestuur is.

Die inwoners gaan reeds jare lank onder swak dienslewering gebuk ondanks 'n rioolaanleg van R144 miljoen wat verlede jaar op Koster gebou is. Hulle het vir die eerste keer in jare behoorlik toegang tot skoon water gehad ná die KBI oorgeneem het.

Regter A.J. Mahlangu het egter in Mei in die Noordwes Hooggeregshof in Mahikeng teen die KBI beslis en ook nie Joseph Mogale, munisipale bestuurder, aan minagting van die hof skuldig bevind nie. Dít nadat hy versuim het om 'n vorige hofbevel na te kom. Dié hofaansoek is deur adv. Gerrie Nel van AfriForum se privaat-vervolgingseenheid geargumenteer.

Die uitspraak het skokgolwe, woede en teleurstelling deur die gemeenskap gestuur wat 'n dag nadat dit gelewer is weer sonder water was. Terwyl die KBI in beheer was, het die gemeenskap vier maande lank silwerskoon water gehad.

Volgens Carel van Heerden, voorsitter van die KBI, sal die inwoners appèl aanteken teen al die uitsprake wat die regter gelewer het. "Regter F.S. Gura se brawe stap in Desember om die gemeenskap die verantwoordelikheid te gee om die aanlegte te bestuur is tot 'n groot mate deur hierdie hofuitspraak ongedaan gemaak."

Inwoners is van mening dat die krisis wat onmiddellik ná die uitspraak ontstaan het te wagte was omdat munisipale amptenare duidelik nie bevoeg is om die werke te bestuur nie.

Johan Kruger, hoof van Gemeenskapsontwikkeling by AfriForum, sê gemeenskappe is keelvol vir swak hofuitsprake, swak administrasie, korrupsie en die vermorsing van belastinggeld. "Dis tyd dat gemeenskappe opstaan teen 'n plunderende staat. Spontane belastingverset is waarskynlik die regering se voorland," voorspel hy.



## Tydsverloop

Die KBI het in Desember 2020 'n dringende hofaansoek in die Noordwes Hooggeregshof in Mahikeng gebring om water- en riooldienste in Koster en Swartruggens self te bestuur.

Regter F.S. Gura het op 18 Desember 2020 'n tussentydse bevel gemaak dat die KBI sekere van die water- en riooldienste kan oorneem. Die bevel het onder meer gelas dat die storting van onverwerkte riool in die Elands- en Kosterrivier binne tien werksdae vanaf die datum van die bevel opgeklaar word en dat die munisipaliteit en munisipale bestuurder alle nodige stappe sal doen om te verseker dat rou riool nie in dié riviere of op die grond rondom die onderskeie rioolwerke by Koster en Swartruggens gestort word nie. Die munisipale bestuurder of munisipaliteit moes binne 11 werksdae vanaf die datum van die bevel 'n verslag saamstel oor stappe wat hulle gedoen het om die storting van rou riool in die riviere te verhoed en hoe hulle beplan om dit in die toekoms te voorkom. Voorts moes die munisipale bestuurder 90 dae tronkstraf opgelê word indien hy versuim om die bevel uit te voer. Die hof het ook gelas dat die KBI vergoed moet word vir dienste gelewer.

Dié bevel is op 12 Januarie 2021 by wyse van 'n skikking tussen die partye gefinaliseer, wat 'n bevel van die hof gemaak is.

In Maart het die KBI 'n ooreenkoms met die munisipaliteit aangegaan om die bestuur van die aanlegte aan Magalies Water te oorhandig. Ná 'n week het dit egter só agteruitgegaan dat die inwoners dit teruggeneem het. Dit is ook teruggeneem nadat die provinsiale Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Cogta) nie die hofbevel nagekom het om inwoners betyds te vergoed vir R15,8 miljoen wat hulle sedert Desember bestee het om die aanlegte self te bestuur nie. Die munisipaliteit het beweer die terugname was onwettig.


Die Pionier Dienstemaatskappy is in Maart deur die KBI aangestel om die werke te bestuur.

In April het Cogta en die munisipaliteit 'n dringende aansoek gebring om die bestuur van die aanlegte terug te neem. Dié saak, asook die minagtingsaansoek teen die munisipale bestuurder is op 11 Mei aangehoor. 'n Week later is ten gunste van Cogta en die munisipaliteit beslis, terwyl die minagtingsaansoek misluk het. Die KBI en Pionier Dienstemaatskappy het die aanlegte tot 18 Mei 2021 bestuur.

# AfriForum wyd betrokke by

Deur Alana Bailey

Sedert AfriForum se ontstaan 15 jaar gelede is die organisasie ten nouste by die bewaring van Afrikanererfenis betrokke. 'n Lid het onlangs gevra waarom ons hulpbronne op die verlede "mors" asof ons heeltyd in 'n truspieëltjie loer.





Die antwoord is natuurlik dat dit nie al is waarop AfriForum fokus nie, maar sonder 'n truspieëltjie is 'n voertuig nie padwaardig nie. Erfenisbewaring is net so noodsaaklik as enige van ons ander projekte.


Die William Patterson Universiteit in die VSA som dit netjies op deur te sê dat kennis van die verlede (wat onder meer deur erfenisbakens verkry word) 'n mens help om die besondere ingewikkelde aard van ons wêreld beter te begryp. Dit stel ons meer in staat om die uitdagings van die hede en toekoms die hoof te bied. Verder gee geskiedenis aan ons 'n gevoel van gemeenskapsidentiteit wat uit ons gedeelde verlede voortspruit. Gebeurtenisse in die verlede het help vorm aan wie ons vandag is.

Om erkenning te gee aan die geslagte voor ons beteken allermins dat ons hulle vereer of in die plek van God probeer stel. Dit beteken wel dat ons hulle opofferings en prestasies waardeer en die Vader se hand daarin raaksien. Die bewaring en oordrag van ons erfenis is 'n ereskuld wat van geslag tot geslag geld. Selfs in die Bybel vind ons immers geslagsregisters en die oprig van gedenktekens waar sleuteloomblikke in die geskiedenis afgespeel het.



Om dus dié ereskuld na te kom, is AfriForum deur middel van ons takke en vrywilligers – maar ook nasionaal deur AfriForum se kultuursake-afdeling – by projekte betrokke om erfenisbakens te bewaar. Ons noem enkele van die projekte wat al vanjaar plaasgevind het.

Die **smidswinkel by die President Pretorius Museum in Potchefstroom** is van besondere historiese betekenis, aangesien dit deel uitmaak van een van die min oorspronklike plaaswerfkomplekse wat uit die Pionierstyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) dateer. Dit was moontlik selfs die eerste struktuur op hierdie terrein wat in ongeveer 1840 opgerig is en Barend Greyling, 'n stiefseun van Piet Retief, gehuisves het. Dit is ook belangrik omdat dit aan M.W. Pretorius, die eerste president van die ZAR, behoort het. Die museumpersoneel het die stadsraad herhaaldelik gewaarsku dat die struktuur dringend restourasiewerk benodig, maar daar het niks van gekom nie. Op 29 Oktober 2020 het dit gedeeltelik ineengestort. Weens die stadsraad se versuim gaan die versekering nie die eis uitbetaal nie. Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, AfriForum-taklede van Potchefstroom en AfriForum Kultuursake het saamgespan om die terrein te beveilig en dele van die gebou wat nog staan, te beskerm.






> **Kennis van die verlede help 'n mens om die besondere ingewikkelde aard van ons wêreld beter te begryp.**

# erfenisbewaringsprojekte

Hopelik kan 'n restourasieprojek binnekort van stapel gestuur word.

Noodsaaklike instandhoudingswerk is ook lanklaas aan die **Totius-huismuseum in Potchefstroom** gedoen. Die AfriForum-tak in Potchefstroom het by AfriForum Kultuursake vir finansiële ondersteuning aangeklop. Die huis is herbedraad, buiteligte is vir beveiliging aangebring en ander herstelwerk is gedoen. Besoekers kan gerus gaan kyk hoe een van ons grootste digters geleef het.

AfriForum skakel reeds sedert 2017 met Die Vriende van die Bethlehem Museum en dra soos moontlik tot hulle projekte by. Hierdie besige dorpsmuseum se hoofgebou is die Nazareth Sendingkerk, wat in 1905 as tweede sendingkerk van die N.G. Kerk in die Vrystaat gebou is. Die Vriende van die **Bethlehem Museum** fokus nie alleen op die bewaring van sy omgewing se kultuurskatte nie, maar ook op die integrasie van die museum in die plaaslike kultuurlewe. Talle organisasies hou hulle byeenkomste op die terrein en 'n kultuursentrum word beplan om volhoubare inkomste te skep. Die plaaslike bewaringstrust en Die Vriende van die Bethlehem Museum droom verder daarvan om eienaarskap van die museum by die munisipaliteit oor te neem – 'n gemeenskapsideaal wat AfriForum sterk steun.

In **Heilbron** het die gemeenskap reeds hulle **museum** van die plaaslike owerheid teruggeneem. Dit word uitnemend bestuur, soos die bewaringsdeskundige dr. Annemarie Carelsen getuig. Onlangs het AfriForum daartoe bygedra om die gebied om die gebou te laat plavei sodat waterskade aan die fondament beperk kan word. Ook elders woeker die gemeenskap met hulle ryk erfenis – die **Vegkopterrein** huisves monumente, 'n museum en historiese grafte. AfriForum dra by tot die onderhoud daarvan én van die dorp se **konsentrasiekampbegraafplaas**.

**Mostert se Meule in Kaapstad** wat uit ongeveer 1796 dateer is op 18 April vanjaar ernstig in 'n brand beskadig. AfriForum het finansieel tot die restourasieprojek bygedra, maar skep ook bewustheid oor die fondsinsamelingsprojekte deur AfriForum en Wêreldwyd se sosialemediakanale.

Wanneer 'n mens aan monumente ter herdenking aan die Anglo-Boereoorlog dink, is die Paarl nie die eerste plek wat in jou gedagtes opkom nie. Daar is egter 'n treffende **monument ter nagedagtenis aan die Kaapse Rebelle**. Dit word deur 'n museumtrust bedryf en AfriForum het pas tot die toekomstige behoud daarvan bygedra. Tydens AfriForum Gemeenskapsake se onlangse monumentoudit is dit ook deur Bernard Pieters, bestuurder van AfriForum Jeug, en Johardt van Heerden, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Boland, besoek.


'n Terrein met 'n sterk verband met die Anglo-Boereoorlog, maar ook die Groot Trek en Eerste Vryheidsoorlog, is **Volksrust se begraafplaas**. Danksy Werner Potgieter en ander gemeenskapslede se bemoeienis is die swak toestand van die terrein onder AfriForum se aandag gebring en het Petri van der Walt van AfriForum Jeug in April 2021 daar gaan help skoonmaak met gereedskap wat AfriForum Kultuursake geborg het. Die burgerregteorganisasie het ook 'n soortgelyke skoonmaakprojek in Bloemfontein geborg.

Daar is nog etlike voorbeelde waar hande met AfriForum-taklede, AfriForum Jeug en vrywilligersorganisasies gevat word om die toekoms van ons erfenis te probeer verseker. AfriForum is al sedert ons totstandkoming nou betrokke by meer bekende terreine soos die **Voortrekkermonument** en die **Afrikaanse Taalmonument**, maar die bogenoemde bakens is ewe belangrik in die kleurryke tapisserie van ons verlede. Museums en erfenisterreine het veral besoekers nodig ná die ontwrigting wat die COVID-19-inperkings veroorsaak het. Ondersteun hulle asseblief!


Verder fokus ons op bydraes tot projekte soos die ontwikkeling van onder meer strokiesboeke en rekenaarspeletjies met historiese temas en verbeeldingryke projekte soos die jaarlikse perdeherdenkingsritte waaroor al vantevore berig is.

Deur AfriForum te ondersteun lewer lede 'n noodsaaklike bydrae om ons erfenis te bewaar en lewendig te hou. Ons bedank almal hartlik vir hulle betrokkenheid!










Die kakebeenwa se wiel word gekort.




**Barend Uys** en sy kinders, Barend jr. en Marené


**Prof. Erik Holm** by die Voortrekkermonument

FOTO'S: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH

# Kakebeenwa wat Bloedrivier oorleef kry rusplek by Voortrekkermonument

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

Danksy samewerking tussen die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), 'n klein plattelandse laerskool en 'n familie wat hul erfenis koester, het die enigste oorblywende kakebeenwa wat die Slag van Bloedrivier oorleef het, nou 'n nuwe tuiste by die Voortrekkermonument gevind.

Dié pronkstuk, wat as die Laas-wa bekend staan, dateer uit ongeveer 1826 en is onlangs tydens 'n spogfunksie by die Voortrekkermonument onthul nadat dit vir meer as 80 jaar by die Laerskool Amersfoort duskant Ermelo bewaar is.

Die vervaardiger daarvan was moontlik die bekende wamaker van Graaff-Reinet en latere Voortrekkerleier Gert Maritz (1797–1838), het die Voortrekkermonument in 'n verklaring gesê.

Johannes Andries Marthinus Laas (1812–1884) en sy vrou Sara Johanna (née Odendaal, gebore 1811) het teen die einde van Oktober 1837 as lede van Karel Landman se geselskap by die Groot Trek aangesluit. Hulle een kleindogter Hermina Johanna het die wa geërf en besluit om dit aan haar neef se seun Hendrik Beltsazar Laas te skenk. Op sy beurt het hy besluit om die wa aan die Laerskool Amersfoort te skenk.

Barend Uys, hoof van Interkulturele Samewerking by AfriForum en nasaat van die Laas-familie, het tydens die onthulling verduidelik dat Francois Lotz, agterkleinkind van Johannes Andries Marthinus Laas se jongste dogter, hom vir jare beywer het om 'n tuiste vir die wa te kry waar meer mense die voorreg kon hê om dit te sien. "Ná Francois en sy vrou Bettie se ontydige afsterwe in Januarie 2021 is die Laas Voortrekker-familiebond tot stand gebring om Francois se strewe voort te sit. Die familiebond het met die hulp en ondersteuning van die FAK, die Voortrekkermonument en die Erfenisstigting verseker dat die wa gerestoureer kon word en 'n gepaste tuiste kon vind."

Volgens Annemarie Labuschagne, hoof van die Laerskool Amersfoort, is die skool deur die jare soveel as 'n miljoen rand vir die wa aangebied, maar dit is altyd van die hand gewys omdat sy geglo het dat die wa as erfenisstuk vir Afrikaners behoue moet bly. Sy het egter op een voorwaarde ingestem dat die wa na die Voortrekkermonument geskuif word en dit was dat die beste restoureerder die wa tot sy eertydse glorie moet herstel.



Só het die alombekende prof. Erik Holm, oudhoof van die Departement Entomologie aan die Universiteit van Pretoria (UP) en meesterwabouer, die Laas-wa weer nuwe lewe gegee. Hy het dit gerestoureer en onder meer die wielbande gekort.

Volgens Holm is die restourering van die Laas-wa sy trotsste projek tot op hede. "Wat 'n voorreg om aan só 'n wa te werk en jou hande aan dieselfde hout en yster te sit as wat daardie vakmanne destyds met ongelooflike kundigheid gedoen het."

Uys, wat ook sekretaris van die Laas Voortrekker-familiebond is, en ander nasate van die Laas-familie het die onthulling van die wa by die Voortrekkermonument bygewoon. Hy het tydens die geleentheid gesê dat georganiseerde families in samewerking met gemeenskapsinstansies 'n groot bydrae het om te lewer om die volhoubare bewaring en uitbouing van erfenis en kultuur te verseker. "Ek het al nagedink oor of 'n wa of wawiel as simbool nie al te verouderd en uitgedien is nie. As 'n mens daaroor gaan lees is die simboliese betekenis van die ossewa op 'n wapenskild 'draer van kultuur', 'n voertuig wat kultuur neem van waar dit is, tot waar dit kan wees. Die Laas Voortrekker-familiebond is ook só 'n voertuig wat wil bydra om ons familie- en volkserfenis die toekoms in te dra."

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument, het die hoop uitgespreek dat die storie van die Laas-wa Afrikaners opnuut sal inspireer om eienaarskap van hul erfenis te neem. "Waar 'n familie begin om eienaarskap van hul erfenis te neem, word hul nalatenskap lewendig gehou en hul geskiedenis gekoester."

Hy het ook benadruk hoe belangrik dit is om deur erfenisbewaring vir kinders te leer om trots op hul herkoms te wees. "Ons moet vir ons kinders leer dat dit nie net okei is om 'n Afrikaner te wees nie, maar dat hulle boonop 'n trótse Afrikaner mag wees."



Prof. Erik Holm



Leán van den Bergh en Charlie Bouguenon

FOTO: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH

# Nuwe komediereeks *De Kleine Griet* sorg vir groot grappe én avonture

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

Wat kry jy as 'n eens belowende VOC-kaptein met 'n drankprobleem, 'n skip met eksentrieke maar effens onbekwame bemanning en 'n misterieuse onontdekte eiland kombineer? Een groot, komieklike avontuur!

Die verfilming van Forum Films se splinternuwe komediereeks *De Kleine Griet* is onlangs voltooi en beloof om 'n uiters unieke komediereeks te wees wat kykers van alle ouderdomme sal vermaak.

Dié reeks speel in die 17de eeu tydens die goue jare van die VOC (Verenigde Oos-Indiese Kompanjie) af en vertel die storie van die fiktiewe kaptein Wim van der Vaart en sy vermakerige bemanning wat hom tydens reise op sy skip De Kleine Griet vergesel.

Sy bemanning sluit onder andere karakters soos Bas Boudewijn, wat lyk of hy die hele dag in die gimnasium deurbring, Costa, die eksotiese kok met 'n swakheid vir mooi vroue, Helena van Leeuwen, 'n vrou wat haarself as 'n man voordoen (want vroue mag nie op skepe gewerk het nie), en Hans Kraaij, 'n ou man wat nie praat nie, maar mooi sing, in.

Hoewel die sogenaamde "sensitiewe deel" van 17de eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis die agtergrond van dié verhaal is, is *De Kleine Griet* volgens Elrich Yssel, regisseur en brein agter die reeks, nie bedoel om ernstig of akkurate historiese fiksie te wees nie, maar 'n karaktergedrewe reeks met baie humor én hart. "Ek wou eers iets oor seerowers doen, maar ek en Luan Lauw, wat die draaiboek geskryf het, het toe gewonder: Wat kan ons aan ons geskiedenis koppel? Ons dink toe waarom dan nou nie die VOC gebruik nie?"

Die temas in dié verhaal is egter volgens Yssel vandag steeds relevant. "As jong man by die VOC het Wim baie ambisies gehad, maar hy is vinnig deur die reëls en eentonige roetine wat daarmee gepaard gaan ontnugter. Ek dink sy wense om nie net nog 'n werknemer in 'n groot maatskappy te wees nie is 'n tema waarmee baie mense vandag steeds kan vereenselwig."

Die Forum Films-span moes ook uiters kreatief met 'n klein begroting werk. Enkele tonele is onder meer by Melrose-huis in Pretoria en op die Pretoria Boeremark verfilm. Sowel die interieur en eksterieur van die skip is op 'n klein stel verfilm wat in die Heartfelt Arena in Pretoria gebou is, terwyl die bosse van Fonteine-sirkel in Brooklyn as 'n woud op 'n eiland in die reeks gebruik is.

"Dit is die eerste keer dat ek saam met Forum Films werk en ek is werklik beïndruk met hoe goed en professioneel elke afdeling is. Dit lyk en voel soos 'n Hollywood-stel," sê Charlie Bouguenon, wat die rol van kaptein Wim van der Vaart vertolk.

Bouguenon, wat in plaaslike films soos *Vuil Wasgoed* en internasionale lokettreffers soos *Transformers* te sien is, sê dat dit verblydend is dat daar veral tydens 'n pandemie tyd en moeite in die kunste belê is. "Dit is so 'n lekker geleentheid om deel van 'n nuwe, unieke Afrikaanse storie te wees. Hoewel die verhaal in die verlede afspeel, het dit beslis 'n moderne geur en ek dink kykers gaan dit werklik geniet."

Ander akteurs in die reeks sluit Leán van den Bergh (dogter van die akteur en regisseur Regardt van den Bergh), Tiaan Slabbert, David Steyn, JP du Plessis, Deoudoné van der Merwe en Jürgen Hellberg in. Chris Chameleon is ook vinnig in die reeks as Jan van Riebeeck te sien.

*De Kleine Griet* bestaan uit agt episodes en sal op Dapper Media en moontlik ander stroomdienste beskikbaar wees.



Elrich Yssel, regisseur.

FOTO: MARELI THERON

**Die span:**
Luan Lauw: Skrywer en datatakelaar
Elrich Yssel: Regisseur
Philip van Zyl: Kinematograaf
Mareli Theron: Vervaardiger
Theuns Smith: Eerste assistentregisseur
Louis Grobler: Klank
Lelanie Pieterse: Kunsdepartement
Lieschen Saayman: Grimeerkunstenaar
Misha du Toit: Kostuumontwerper
Nuhan Yssel: Visuele effekte en grafika

# Kraal Uitgewers: Dis so reg in jou kraal

Deur Ilze Nieuwoudt

Staar jy dikwels met kraalogies na boeke? Voel jy soms soos die agteros wat net wag om in die kraal te kom? Dan is Kraal Uitgewers jou kuierplek!

Kraal Uitgewers is die trotse uitgewershuis van die Solidariteit Beweging en die tuiste van Afrikaanse niefiksie, Afrikanergeskiedenis én prima Afrikaanse produkte. Dié uitgewer het tydens die 100 jaar-herdenking van die Anglo-Boereoorlog in 1999 tot stand gekom en aanvanklik gefokus op die publikasie van versamelaarsboeke oor dié oorlog.

Die uitgewer het intussen by die Solidariteit Beweging-kraal ingeskakel. Dit doen moeite om instellings in die Beweging te ondersteun met die uitgee van hoëgehaltepublikasies oor sake van belang vir die onderskeie organisasies.

Geskiedenispublikasies, asook boeke oor aktuele onderwerpe soos plaasmoorde en regstellende aksie, vorm die kern van Kraal se eie publikasies. Die uitgewer bemark ook 'n wye reeks boeke én produkte namens ander kleiner uitgewers of selfpubliseerders. Bordspeletjies, kalenders, koffiebekers én T-hemde vorm reeds deel van die produkte wat deur Kraal Uitgewers en ander instellings of individue ontwikkel word. Dít alles dra by om 'n liefde vir Afrikaans te kweek en dit te laat floreer.

Komaan! Kuier saam op Kraal Uitgewers se Facebook-blad en besoek die webtuiste by **www.kraaluitgewers.co.za**. Daaglikse geskiedenisbrokkies herinner vriende aan die groot, skokkende, triomfantlike, tragiese en legendariese gebeure uit die Suid-Afrikaanse verlede, terwyl ons ook Afrikaans se woordskatte (her)ontdek, ou foto's afstof en ander opwindende boekenuus deel. Word 'n vriend van Kraal Uitgewers, teken in op die maandelikse inniKraal-nuusbrief en sorg dat jy nie die agteros in die kraal is nie! Sien jou daar. Kom gesels saam!

## Nuut op die rak:

### PRINSESSIE EN BOEKEMAN

Die kleurvolle verhaal van *Prinsessie en Boekeman* begin soos alle goeie stories ... "Eendag lank, lank gelede", en neem klein lesers saam op Prinsessie se reis in haar wonderwêreld van boeke.

Hoewel Prinsessie skynbaar alles het wat haar hart begeer, kruip sy dikwels weg tussen die bladsye van haar boeke waar die karakters haar enigste ware maats is. As die storms woed, bou sy 'n boekefort om haar teen die storms én die lewe te beskerm. Eers lees klein Prinsessie oor Wolraad Woltemade, Racheltjie de Beer en rare karakters uit feëverhale.

Later droom sy van prinse op perde uit ver, ver lande. Uiteindelik gaan sy self op reis en vind die een ding waarvan sy nooit kon droom nie – 'n Boekeman! En toe? Kom lees self die storie verder. Kry jou kopie van *Prinsessie en Boekeman* in Kraal Uitgewers se e-winkel en vind uit waarom dit beter is om met die hart te soek én te vind.

*Prinsessie en Boekeman* is geskryf deur Ilze Nieuwoudt en geïllustreer deur Thomas Snyman, 'n grafiese ontwerper by AfriForum.



Ilze Nieuwoudt en Thomas Snyman




### VAT DIE LEWE SÓ DAG VIR DAG

Die lewe is dikwels 'n gejaag na wind en in die warboel van vergaderings, afsprake en funksies kan selfs 'n komkommerkoel koelkop tred verloor van sake. Die oplossing is egter kort, kragtig en gesetel in neuropsigologie.

Volgens 'n artikel wat in 2018 in *Forbes Magazine* verskyn het, is daar grenslose waarde daaraan om inligting wat onthou moet word, neer te pen. Dit veroorsaak die sogenaamde genereer-effek waardeur mense inligting wat self geskep is, beter onthou as inligting wat bloot gelees is.

Kraal Uitgewers se nuwe *Dag vir dag*-dagbeplanner is die ideale instrument om nie net jou tydsbeplanning mee te verfyn nie, maar ook terug te keer na die tradisionele manier van doen – met pen en papier. Dit kos R200 en is by **www.kraaluitgewers.co.za** beskikbaar.



Daniel Strauss tydens die bekendstelling.
FOTO: JACO-LOUIS KRUGER

# Sakeman gee woema aan entrepreneurs-kompetisie

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

Toe hy jonk was, was Daniel Strauss daarvan oortuig dat ryk mense slimmer of meer toegerus as "normale mense" is. 'n Toevallige ontmoeting met 'n miljardêr het hom egter laat besef dat hulle óók net normale mense is en dat diegene wat sukses bereik, weet hoe om "bo die lyn" te dink.

Vandag is dié waagkapitalis en skrywer van die topverkoper *Dink soos 'n miljardêr* 'n uiters suksesvolle entrepreneur wat mense se manier van dink wil verander ten einde 'n omwenteling in die sakewêreld te bewerkstellig.

Hy het as gasspreker opgetree tydens die bekendstelling van AfriForum Sakenetwerk se Entrepreneur van die Jaar-kompetisie by AfriForum Teater en verduidelik wat dit beteken om hierdie lewensveranderende ingesteldheid te ontwikkel. "Entrepreneurs is meer as net werkskeppers. Hulle is die groeiers van die ekonomie en ek het 'n passie daarvoor om welvaart te bevorder en om die volle potensiaal van entrepreneurs uit verskillende vlakke van die samelewing te ontsluit."

Elsje van Jaarsveld, omroeper by Pretoria FM, het ook tydens die geleentheid – wat in samewerking met Akademia aangebied is – 'n paneelgesprek gelei waartydens Jaco Gerrits, bekroonde tegnologie-entrepreneur, en dr. Rachel Maritz, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe by Akademia, oor entrepreneurswese gesels het.

Sedert dié kompetisie in 2017 geloods is, het meer as 250 entrepreneurs al daarvoor ingeskryf, terwyl meer as 7 000 lede van die publiek al vir hul gunstelingentrepreneur gestem het. Dit is ook die eerste keer sedert die kompetisie van stapel gestuur is dat dit op dié wyse bekendgestel en aangebied is, waar daar nie net spogpryse op die spel is nie, maar ook opleidingsgeleenthede beskikbaar is.

Volgens Sanderien van der Walt, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk, het die kompetisie vanjaar 'n nuwe baadjie aangetrek om by deelnemers se behoeftes aan te pas. "Ons het oorweldigende terugvoer van entrepreneurs ontvang wat ingeskryf het en wat sê dat daar spesifieke areas is waarin hulle meer leiding sal wil ontvang. Ons het hierdie areas geïdentifiseer en daarom, as deel van die inskrywingsproses, bied ons werkswinkels in hierdie onderwerpe aan. Entrepreneurs wat vir die kompetisie wil inskryf moet dan sommige van die werkswinkels of webinare bywoon as deel van hulle uiteindelike beoordeling."

Anders as vorige jare is daar vanjaar twee kategorieë: Een vir entrepreneurs wat tussen een en sewe jaar handel dryf en een vir entrepreneurs wat langer as tien jaar handel dryf.

Inskrywings sluit op 31 Augustus 2021. Daar sal dan 'n tydperk wees waartydens die publiek vir deelnemers van elke kategorie kan stem en só sal die toptien bepaal word. Daarna sal die deelnemers se portefeuljes beoordeel word as keuring vir die topvyf. Die wenner sal uiteindelik uit die topvyf deur 'n paneel van kenners aangewys word.

"Ons hoop dat deelnemers regtig hierdie geleentheid sal aangryp, nie net vir die pryse nie, maar vir die blootstelling, opleiding en veral netwerkgeleenthede wat dié kompetisie bied," sê Van der Walt.






**Jaco Gerrits**, 'n bekroonde tegnologie-entrepreneur, **Sanderien van der Walt**, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk, **dr. Rachel Maritz** van Akademia, en **Daniel Strauss**.



Die Entrepreneur van die Jaar-kompetisie is by die AfriForum Teater bekendgestel.

# Talle bekendes pronk op die AfriForum Teater-verhoog

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

Die AfriForum Teater in Pretoria het skaars sewe maande gelede geopen en talle voete én bekende gesigte is reeds deur sy deure.

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is die teater onder meer gestig om te verseker dat daar, te midde van die ernstige impak wat die COVID-19-pandemie op die teaterbedryf het, steeds 'n volhoubare tuiste gebied kan word waar die Afrikaanse kunste kan voortbestaan en floreer. "Dis 'n teater vanuit die gemeenskap vir die gemeenskap."

Die teater bied werklik vermaak vir elke smaak en 'n groot verskeidenheid Afrikaanse kunstenaars, produksies én gemeenskap- en skoolkultuurgeleenthede is reeds die afgelope paar maande op sy verhoog te sien gewees.

Verhoogproduksies sluit die skrywer en dramaturg Dana Snyman se gewilde produksie *Donkie*, waarin Frank Opperman die rol van 'n uitgebrande skoolhoof speel, Marita van der Vyver se *Die dinge van 'n kind* met *Die Byl* se Cintaine Schutte in die hoofrol, asook die *Binnelanders*-akteurs Germandt Geldenhuys en Je-ani Swiegelaar se bittersoet komedie, *Keelvol*, in.

Geliefde Afrikaanse sangers en groepe soos Klopjag, Jo Black, Kevin Leo, Adam Tas, Roan Ash, Janie Bay, Dewald Wasserfall, Bouwer Bosch, Amanda Strydom, Joshua na die Reën en Bernice West, om net 'n paar te noem, het teatergangers vanjaar al aan die dans en klap gehad.

Kinderproduksies soos *Liewe Heksie* en Sorina Erasmus, oftewel die Flooze, se *Tjominis* verskaf Saterdagoggende hope pret vir die kleingoed (en 'n uur of twee se saligheid vir die mammas). Liefhebbers van klassieke musiek word ook nie uitgelaat nie. Die klassiekemusiek-ensemble Con Grazia en die bekroonde pianis Ben Schoeman het al pragoptredes by die teater gehad.

Besoek **www.afriforumteater.co.za**. om kaartjies te bespreek of meer inligting te bekom.


**AfriForum Sakenetwerk** in samewerking met **Akademia** bied aan:

**Entrepreneur van die Jaar**-kompetisie 2021.

Inskrywings open **27 Mei en sluit 31 Augustus 2021.**

Pretoria FM hoop, glo, lê in Afrikaans
AfriForum Sakenetwerk
Akademia
Kwikstert
Bok Radio



# AfriForum brei uit met Wes-Kaapse kantoor

FOTO: JHUA-NINE WYRLEY-BIRCH

Deur Alet Rademeyer

AfriForum het onlangs 'n nuwe streekkantoor in die Wes-Kaap geopen. Naas Gauteng woon die meeste van AfriForum se lede – sowat 40 000 – in die Wes-Kaap.

Daar is 'n toestroming van mense uit die noorde van die land wat hulle in die Wes-Kaap vestig en AfriForum se planne vir groeiende outonomie in dié provinsie bied opwindende moontlikhede. Die burgerregteorganisasie beskou die desentralisering van mag as oplossing vir die talle krisisse in die land.

Uit gesprekke op grondvlak is daar ook 'n behoefte onder Wes-Kapenaars dat AfriForum van sy veldtogte en projekte ten opsigte van kwessies soos die stryd teen korrupsie en grondbesetting, omgewingsake en gemeenskapsveiligheid ook hier uitbrei.

William Waugh, hoof van Organisasiebou by AfriForum, sê die groeiende outonomie van die Wes-Kaap is 'n belangrike deel van die organisasie se strategie. "Ons is hier om 'n nederige begin te maak tot daardie strategie. Dit is vir AfriForum belangrik om na die behoeftes te kyk van sekere streke en gemeenskappe. Daar is byvoorbeeld beheerkamers in ander provinsies omdat daar 'n nood daarvoor is. Daar is 'n behoefte aan goeie koördinering in die Wes-Kaap en niks doen dit beter as 'n kantoor nie."

Waugh sê een van AfriForum se hoofdoelwitte in die Wes-Kaap is om sterker gemeenskappe te ontwikkel. "Sterker gemeenskappe het 'n sterker vlak van besluitneming oor hulle toekoms en ons wil hoop skep vir daardie toekoms. Dienslewering in dié provinsie is minder van 'n probleem in vergelyking met die noorde van die land. Hier is ander tipe uitdagings waarvan gemeenskapsveiligheid 'n baie belangrike komponent is. AfriForum is ook hier om na die uitdagings van mense in dié provinsie te luister."



Die Wes-Kaapse span.



**William Waugh**, hoof van Organisasiebou by AfriForum.



Die wynmaker **Kwagga Boucher** en die sanger **Adam Tas**.



Saai se **dr. Theo de Jager** en die rugbylegende **Schalk Burger**.



Matteus en die leerders van Laerskool Kameelfontein.

# Teenboelieveldtogspan gaan binnekort deur die Wes-Kaap toer

Deur Jhua-Nine Wyrley-Birch

AfriForum se teenboelieveldtogspan het sedert 2017 al meer as 100 skole in Gauteng en Limpopo besoek om oor die ernstige gevare en gevolge van afknouery te gesels en dié span is nou besig om 'n toer na Wes-Kaapse skole te beplan.

Nasionale inperkings en wydverspreide skolesluitings wat deur COVID-19 veroorsaak word, het die aanlyn aktiwiteit en gevolglik die kuberafknouery van miljoene kinders en tieners wêreldwyd aansienlik verhoog. In Suid-Afrika is talle voorvalle van afknouery in skole en selfdood die afgelope jaar aangemeld.

Lufuno Mavhunga, 'n leerder aan die Mbilwi Secondary School in Sibasa, Limpopo het vanjaar haar eie lewe geneem nadat 'n skoolmaat haar herhaaldelik en ten aanskoue van ander leerders geslaan het. Ander leerders het die voorval opgeneem en die video op sosiale media gedeel.

In die Wes-Kaap is daar ook onlangs verskeie voorvalle aangemeld. 'n Seun van Vredenburg wat aan 'n gesondheidstoestand ly wat sy mond en neus aantas, is verlede jaar vermoedelik teen 'n venster gegooi weens beweerde afknouery. 'n Leerder van 'n plaasskool in die Paarl was besig om pynpille te sluk toe 'n familielid op hom afgekom het. Die seun se ma het aan die media gesê dat hy die dag ná sy selfdoodpoging R300 uit haar kamer gesteel het om aan die boelie te gee om hom alleen te laat.

AfriForum het verlede jaar ook 'n kortdokumentêr oor die verhaal van die 12-jarige Herman Odendaal, wat verlede jaar weens beweerde afknouery sy eie lewe by sy ouerhuis in Kestell in die Vrystaat geneem het, bekendgestel om ouers en kinders teen afknouery te bemagtig.



Leandie Bräsler (AfriForum), Matteus en die leerders van Suidskool.

"Daar is te veel mense wat steeds nie die noodsaaklikheid raaksien om oor selfdood in skole te gesels nie, want dit word as 'n taboe-onderwerp beskou. Daar is ook te veel leerders en ouers wat nog nie bewus is van wat die verskil tussen afknouery en konflik is nie," sê Leandie Bräsler, AfriForum se bestuurder vir Juniorjeugleierskapontwikkeling.

AfriForum se teenboelieveldtog fokus op die boeliedriehoek, oftewel die driehoek van teistering, naamlik die boelie, die slagoffer en die omstanders, en beoog om leerders in al drie hierdie kategorieë met die nodige vaardighede en kennis toe te rus om afknouery hok te slaan.

Volgens Bräsler help dit nie dat politici soos Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir Onderwys, net by skole opdaag of skole veroordeel nadat die boelie- of selfdoodgevalle plaasgevind het nie omdat dit egter dan reeds te laat is. "Die enigste manier hoe die Departement van Basiese Onderwys daadwerklik 'n verskil kan maak, is om leerders, ouers, onderwysers en beheerliggame met die nodige kennis en vaardighede toe te rus om afknouery hok te slaan. Alle partye moet geleer word om proaktief op te tree sodat afknouery verhoed kan word voordat dit te laat is."

Dr. Richard Nichol, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Psigiaters (SASOP) se spesiale belangegroep vir kinder- en adolessente psigiatrie, het in reaksie op Mavhunga se dood ook benadruk dat kinders as "toeskouers van boelievoorvalle" moet weet dat hulle sekere verantwoordelikhede het deur die slagoffer te help eerder as om die oortreder aan te moedig. Hy het voorgestel dat die rol van omstanders tydens afknouery-insidente ook dringend aangespreek moet word.

Besoek **www.teenboelie.co.za** en laai AfriForum se teenboeliegids gratis af vir meer inligting rondom die organisasie se teenboelie-en-selfdoodbewusmakingsveldtog. Stuur 'n e-pos na **leandie.brasler@afriforum.co.za** indien jou kind se skool by hierdie veldtog en leierskapontwikkeling betrokke wil raak.

# Wêreldwyd – Die tuiskomplek vir ons mense in die buiteland

Deur Sue-Ann de Wet

Sedert AfriForum se ontstaan 15 jaar gelede word hegte bande met Suid-Afrikaners in die buiteland behou. AfriForum se Wêreldwyd-inisiatief is juis met dié doel voor oë geskep.

Emigrasie is vandag 'n harde werklikheid en Wêreldwyd hou dit 'n oop gesprek. Die besluit om te emigreer is nie eenvoudig nie en die finansiële en emosionele koste beslis nie gering nie. Ons wil mense toerus en verseker dat die keuse om te emigreer 'n ingeligte besluit is wat op betroubare inligting berus.

AfriForum respekteer mense se individuele keuse om te emigreer. Ons beskou emigrante as ons nie-amptelike ambassadeurs wat steeds 'n belangrike rol kan speel om AfriForum se doelstellings vanuit die buiteland te ondersteun en te bevorder. Dit is ook waarom ons kontak behou deur Wêreldwyd.

Een ding is vir seker – as die stand van Suid-Afrika se politieke en veiligheidsomgewing anders was, sou veel minder Suid-Afrikaners groener weivelde gaan soek het. Uit 'n onlangse meningspeiling wat Wêreldwyd onder sy lesers gedoen het, het 98% van die respondente aangedui dat hulle bekommerd is oor gebeure in Suid-Afrika, terwyl 94% voel dat hul kulturele identiteit nog vir hulle belangrik is.

Ons mense in die buiteland is ons beste ambassadeurs en moet gehelp word om hul identiteit te behou. Hulle is ons familie en vriende en ons kan nie bekostig om hulle te verloor nie. Sommige van die mees welvarende lande in die wêreld is dié wat hul emigrante ook koester. Ons regering vervreem Suid-Afrikaanse emigrante, soos gesien met die belasting-wetsontwerp.



**WÊRELDWYD IN 'N NEUTEDOP: HOE JÝ DAARBY KAN BAAT**

1. **Kundige advies vir ekspats**
   Gratis advies oor burgerskap-aangeleenthede is onder meer beskikbaar deur 'n plaaslike netwerk van kundiges. Dikwels verloor Suid-Afrikaners hul burgerskap onwetend wanneer hulle burgerskap in die buiteland aanvaar sonder om eers vir die behoud van hul Suid-Afrikaanse burgerskap aansoek te doen en soms doen hulle willens en wetens daarvan afstand. Hulle besef egter nie altyd die latere gevolge hiervan nie.

2. **Behou só kontak**
   Gereelde skakeling deur middel van die *Kollig*-nuusbrief, sosiale media en 'n webtuiste is belangrik. Die webtuiste help mense om op hoogte te bly van nuusgebeure in Suid-Afrika. Dit is belangrik dat ekspats betrokke bly en op hoogte van sake in Suid-Afrika is. Kom kuier saam met die nagenoeg 500 000 mense wat deur Wêreldwyd se sosiale-mediaplatforms bereik word. Om deel te wees van 'n grenslose gemeenskap bly van onskatbare waarde.

3. **Een klik en jy is tuis met ons Wêreldgids**
   Om in 'n nuwe land aan te pas is 'n uitdaging. Wêreldwyd is hier om te help. Die beste manier om te verseker dat jy die beste jy kan wees in 'n nuwe omgewing is deur 'n netwerk te bou. Netwerke is nie net vir mense wat met ander wil sake doen nie, dit is ook 'n waardevolle manier om 'n ondersteuningsbasis op te bou vir daardie dae wat die verlange te veel raak en almal net te ver is. Wêreldwyd se Wêreldgids is waar Suid-Afrikaanse ondernemings van reg oor die wêreld bymekaarkom om 'n gemeenskap te skep. Kleinsakeondernemings kan Wêreldwyd se gratis diens in die buiteland geniet en self hul ondernemings op die interaktiewe gids lys. Sodoende raak hulle deel van die wonderlike netwerkgeleentheid!

4. **Kuier saam in Afrikaans**
   Wêreldwyd ondersteun byeenkomste in die buiteland. Dit is vir ons belangrik dat ons mense in die buiteland informeel bymekaar kan kom en steeds hul kultuur vier. By dié byeenkomste wil hulle saam met hul eie mense in hul eie taal kuier en sommer net nostalgies raak soos wat gemeenskappe in die buiteland doen.

# AfriForum gaan voort met druk vir ivermektien

Deur Alet Rademeyer

Met die aanvang van die derde golf van COVID-19-infeksies het AfriForum en die I Can Make A Difference-doktersgroep druk op verskeie instellings geplaas om die hersieningsdokumente, wat verband hou met die gebruik van ivermektien vir die behandeling en voorkoming van COVID-19, aan dié twee instellings te verskaf.

Die dokumente is aangevra nadat prof. Helen Rees, raadsvoorsitter van die Suid-Afrikaanse Gesondheidsprodukte-reguleringsowerheid (SAHPRA), tydens 'n onderhoud met *Daily Maverick* aangedui het dat SAHPRA, die Nasionale Noodsaaklike Medisynelyskomitee, die Ministeriële Advieskomitee oor COVID-19 en die Aansteeklikesiektesvereniging van Suid-Afrika almal die beskikbare data oor ivermektien vir die behandeling en voorkoming van COVID-19 onafhanklik hersien het.

Volgens Barend Uys, hoof van Navorsing by AfriForum, kon die hersieningsdokumente van SAHPRA, die Ministeriële Advieskomitee en die Aansteeklikesiektesvereniging nie opgespoor word nie. Die hersieningsdokument van die Nasionale Noodsaaklike Medisynelyskomitee wat aanlyn beskikbaar is, se publikasiedatum is 25 Januarie 2021. "Dit is nou baie duidelik dat doeltreffende vroeë behandeling van COVID-19 noodsaaklik is in ons stryd teen die pandemie. Ons is besorg dat die huidige aanbeveling oor ivermektien, 'n medisyne wat duidelike voordeel in die behandeling van COVID-19 toon, gebaseer is op verouderde inligting."




AfriForum en I Can Make A Difference het 'n dringende beroep op die owerhede gedoen om ivermektien vir die behandeling van COVID-19 aan te beveel.

SAHPRA sê gereeld dat die gebruik van ivermektien vir die behandeling van COVID-19 deurlopend hersien word soos nuwe data beskikbaar word.

Dit is kommerwekkend dat hersieningsdokumente nie opgespoor kan word nie en dat dokumente wat wel opgespoor kan word vier maande oud is. AfriForum en die doktersgroep het die regering dringend versoek dat ivermektien vir die behandeling van COVID-19 aanbeveel moet word.

"Ongewone omstandighede vereis ongewone optrede. Bewyse toon duidelik dat ivermektien 'n kritieke rol kan speel in die stryd teen COVID-19. Die tyd het aangebreek dat voorkombare sterftes gekeer word en 'n stokkie gesteek word voor die vernietiging van lewens en inkomste wat met inperkings gepaard gaan," sê Uys.






# Die AfriForum 911-noodknoppietoep

## ’n AfriForum-ledevoordeel

**AfriForum bied in samewerking met Response 24 die AfriForum 911-noodknoppietoep om jou en jou familie veilig te hou.**

- Ontbied gewapendereaksie- en mediese nooddienste met die druk van ’n knoppie
- Presiese GPS-identifisering van die ligging vanwaar die noodsein kom – akkuraat tot op 5 meter
- Direkte noodseine om kommunikasiehindernisse te verminder
- Vinniger reaksietye met intydse inligting oor reaksiepersoneel
- Maklike proses om die AfriForum 911-noodknoppietoep via Google Play (Android) of App Store (Apple) op jou slimfoon te laai
- ’n Enkele aanteken-en-registrasieskerm (eenmalige PIN via SMS aan jou gestuur)

**Met die AfriForum 911-noodknoppietoep kan jy die volgende doen:**

- Jy kan een gratis alarm vir gewapende reaksie en een vir ’n mediese noodgeval per maand vir jouself (as AfriForum-lid) of een van maksimum vyf afhanklikes (direkte familielede) stuur as ’n gedeelde voordeel vir al ses mense, deur bloot die toepaslike AfriForum 911-noodknoppie te druk.
  **Let wel: Geen mediese vervoer- en geen verbandhoudende mediese dienste word deur hierdie voordeel gedek nie en is dus vir die lid se rekening.**
- Jy kan onbeperkte familie- en vriende-alarms stuur sodat hulle jou te hulp kan snel.
- Jy kan toestemminggebaseerde groepe vir jou afhanklikes skep.
- Jy kan via die toep kommunikeer om jou familie te ondersteun terwyl hulp op pad is. **Onthou: Hiervoor benodig jy data.**
- Sien intyds via toepkennisgewings watter reaksiepersoneel en familie op pad is om jou te kom help.
- Jy kan jou familie intyds op ’n sentrale kaart op jou slimfoon dophou – en hulle vir jou – sodat julle kan weet dat almal veilig is. **Onthou dat dié funksies slegs werk as hulle ook die toep afgelaai en daarop geregistreer het.**
- Jy kan ’n omgekeerde alarm namens jou geregistreerde afhanklikes maak om gewapendereaksie- of mediese nooddienste na hulle te ontbied, of om self na hulle te navigeer. Afhanklikes kan ook namens jou waarskuwings stuur wanneer jy in nood verkeer.
- Jy kan geo-afgebakende gebiede skep om op hoogte te bly van wanneer jou familielede dié gebiede binnegaan of verlaat.
- Jy kan via die toep met ons tegniese span kommunikeer oor toepverwante kwessies. **Onthou: Hiervoor benodig jy data.**
- Jy sal kennisgewings ontvang selfs al is die toep toegemaak.

**Kyk gereeld of daar ’n nuwer weergawe van die toep in jou toepwinkel beskikbaar is, en laai dit af sodat jy altyd toegang tot alle funksies het.**

**Volg dié stappe:**

### Stap 1: Laai die toep af

1. Gaan na Google Play (Android) of App Store (Apple) en soek vir “AfriForum 911-noodknoppie”.
2. Laai die toep op jou slimfoon af. Onthou:
   - Android-slimfone: Die toep word slegs deur Android 6-sagteware en later ondersteun.
   - Apple-slimfone: Apple vereis iOS12.0-sagteware of later om die toep af te laai en te installeer.
   - Huawei-slimfone: Onderhandelinge is tans in die pylvak om die AfriForum 911-noodknoppietoep daar beskikbaar te stel.
3. Onthou, om sommige van die funksies van dié toep te kan gebruik, moet jy –
   - data op jou slimfoon hê;
   - jou slimfoon se liggingsdienste altyd aangeskakel hou; en
   - alle slimfoon- en toepverwante toestemmings toestaan.

### Stap 2: Registreer

1. Maak die toep oop.
2. Registreer op die toep deur jou selnommer in te sleutel en dan op “Dien in” te klik.
3. Jy sal ’n eenmalige PIN via SMS ontvang. Tik dié nommer in die beskikbare veld in en klik op “Dien in”.

### Stap 3: Skep jou profiel

1. Jy sal versoek word om ’n profiel te skep nadat jy geregistreer het.
2. Tik jou e-posadres in.
3. Tik jou naam in.
4. Tik jou van in.
5. Tik jou ID-nommer in.
6. Tik jou geboortedatum in.

### Stap 4: Nooi jou familie en vriende uit

1. Klik op “My vriende” regs onder op jou skerm.
2. As jou familie of vriende klaar die toep afgelaai het, sal hulle onder “My vriende” gelys wees.
3. Nooi jou familie en vriende uit deur op “Nooi familie/vriende uit” te klik.
4. Kies ’n opsie om ’n uitnodiging aan hulle te stuur om ook die toep af te laai.
5. Sodra hulle die toep afgelaai en daarop geregistreer het, sal hulle onder “My vriende” gelys word. Indien hulle nie daar verskyn nadat hulle die toep afgelaai en daarop geregistreer het nie, klik op “Herlaai familie/vriende”. Hulle sal nou op die “My vriende”-lys verskyn.

### Stap 5: Skep groepe (onbeperk)

1. Klik op die “My groepe”-ikoon links onder op jou skerm.
2. Klik op “Voeg ’n nuwe groep by” regs bo van die “My

Besoek **www.afriforum911.co.za** om meer oor die AfriForum 911-noodknoppietoep te wete te kom.

groepe”-afrolkieslys.
3. Kies een van die verstekprentjies vir jou groep se ikoon of gebruik die op-pyltjie om jou eie prentjie te laai.
4. Gee ’n naam aan jou groep.
5. Nou is die groep geskep en kan jy familie en vriende daarop insluit deur hulle een-een te kies.
6. Stoor die groep deur op “Stoor” te klik.
7. Jou groep sal nou in die “My groepe”-afrolkieslys verskyn.
8. Klik op die navigasie-ikoon in die middel onder om na die tuisskerm terug te keer.
9. Jou groepe sal almal in die “My groepe”-afrolkieslys bo-aan die tuisskerm verskyn, waar jy enige van dié groepe kan gaan kies.

**Stap 6: Voeg afhanklikes by**

(Elke AfriForum-lid word tot ’n maksimum van vyf direkte familielede as afhanklikes beperk.)

1. Gaan na die hoofkieslys, klik op die wit profielfoto links bo en klik op “Afhanklikes”. Die afhanklikes wat jy wil byvoeg, moet ook eers die toep aflaai en daarop registreer voordat hy/sy as afhanklike bygevoeg kan word.
2. Klik op “Voeg afhanklikes by” regs bo.
3. Kies die afhanklike vanuit jou kontaklys deur op hul naam te klik.
4. Klik op die terug-pyltjie links bo-aan die skerm as jy al jou afhanklikes klaar bygevoeg het.
5. Klik op die terug-pyltjie links bo-aan die skerm om na die tuisskerm terug te keer. Klik dan op die liggingskaart.

**Stap 7: Skep noodkontakpersone**

1. Klik op “My vriende” regs onder op die skerm.
2. Maak seker dat jou kontaklys bygewerk is deur op “Herlaai familie/vriende” te klik.
3. Soek die persoon wat jy as noodkontakpersoon wil byvoeg deur op of af te rol of die soekfunksie te gebruik.
4. Klik op dié kontak en aktiveer die kennisgewingfunksie deur op die “Stel in kennis in geval van nood”-knik-skakelaar te klik.
5. Klik op die terug-pyltjie links bo-aan die skerm.
6. Klik op die 24+-ikoon in die middel onderaan die bladsy om na die tuisskerm terug te keer.

   Wanneer jy ’n familie- of 911-noodalarm maak, sal dié gekose mense in kennis gestel word dat jy hulp benodig.

**Stap 8: Skep geo-afgebakende gebiede**

1. Maak seker dat jy die korrekte groep in die paneel in die middel bo-aan die hoofskerm gekies het.
2. Gaan na die hoofkieslys en klik op “Geo-afbakening”.
3. Klik op die plus-ikoon om ’n adres op te soek. Tik die straatadres in en kies dit uit die afrolkieslys.
4. Stel die geo-afgebakende gebied se radius deur die glyskaal links of regs te skuif, en aktiveer kennisgewings deur die twee knikskakelaars aan te skakel.
5. Klik nou op “Stoor”.
6. Klik op die terug-pyltjie links bo op die skerm om na die tuisskerm terug te keer.

**Jy kan ook die volgende stappe volg om ’n geo-afgebakende gebied te skep:**

1. Maak seker dat jy die korrekte groep in die paneel in die middel bo-aan die hoofskerm gekies het.
2. Druk vir sowat 2 tot 3 sekondes op die ligging wat jy wil geo-afbaken.
3. Die geo-afbakeningskerm sal onderaan die skerm oopmaak.
   – Benoem die geo-afgebakende gebied, byvoorbeeld “Skool”.
   – Klik op “Radius” deur die blou kolletjie met die wit lyn langs te skuif (links of regs om die radius in kilometers aan te pas).
   – Klik op “Meld aankoms in geo-afbakening aan”.
   – Klik op “Meld vertrek uit geo-afbakening aan”.
   – Klik op “Stoor”.
4. Dié geo-afgebakende gebied sal nou op die kaart verskyn waar jy geklik het.
5. Vra ’n vriend of afhanklike om die geo-afgebakende gebied te toets wanneer die persoon dié gebied binnegaan of verlaat.
   – Jy behoort ’n kennisgewing te ontvang wanneer dié vriend of afhanklike die geo-afgebakende gebied binnegaan.
   – Jy behoort ’n kennisgewing te ontvang wanneer dié vriend of afhanklike die geo-afgebakende gebied verlaat.

**Hoe werk die AfriForum 911-noodknoppietoep?**
**Maak alarm vir gewapende reaksie**

(Dit word beperk tot een per maand per AfriForum-lid en maksimum vyf afhanklikes, as ’n gedeelde voordeel.)

- **Klik op die blou skild-ikoon aan die regterkant van die tuisskerm.**
- ’n Aftelling van drie sekondes sal begin.
- Sodra die sekuriteitbeheerkamer jou alarm gekry het, sal hulle jou bel. As jy nie antwoord nie, sal hulle gewapende reaksie ontbied.
- Sodra jou alarm deur ’n familielid gesien is, sal jy ’n kennisgewing ontvang.
- Sodra dié familielid na jou toe begin navigeer, sal jy ’n tweede kennisgewing ontvang.

**Maak alarm vir ’n mediese noodgeval**

(Dit word beperk tot een per maand per AfriForum-lid en maksimum vyf afhanklikes, as ’n gedeelde voordeel.)

- **Klik op die rooi mediesekruis-ikoon aan die regterkant van die tuisskerm.**
- ’n Aftelling van drie sekondes sal begin.
- Jou alarm is nou na ER24 gestuur, asook na dié familielede wat jy as noodkontakpersone aangewys het.
- Sodra ER24 jou alarm gekry het, sal hulle jou bel. As jy nie antwoord nie, sal hulle mediese dienste ontbied.
- Sodra jou alarm deur ’n familielid gesien is, sal jy ’n kennisgewing ontvang.
- Sodra dié familielid na jou toe begin navigeer, sal jy ’n tweede kennisgewing ontvang.

**Let wel: Mediese vervoerdienste en ander mediese kostes word nie deur hierdie voordeel gedek nie en sal vir die lid se eie rekening wees.**

**Stuur ’n vriende-alarm** (onbeperkte kere)

- **Klik op die oranje mens-ikoon aan die regterkant van die tuisskerm.**
- ’n Aftelling van drie sekondes sal begin.
- Jou alarm is nou na dié familielede gestuur wat jy as nood-kontakpersone aangewys het.
- Sodra jou alarm deur ’n familielid gesien is, sal jy ’n kennisgewing ontvang.
- Sodra die familielid na jou toe begin navigeer, sal jy ’n tweede kennisgewing ontvang.

**MOENIE via die hoofkieslys uit die toep teken of die toep “hard close” nie. As jy klaar is met die toep, druk bloot op jou foon se tuisskermknoppie (gewoonlik in die middel onderaan jou foon). Wanneer jy dan in ’n noodgeval is, hoef jy slegs op die toep se ikoon te klik om die toepaslike noodknoppie dadelik te kan druk.**

**Tegniese ondersteuning:** 010 312 5790 (weeksdae 08:00–17:00) **E-pos:** afriforum911@afriforum.co.za

## AfriForum 911-noodnommer: **086 111 6154**



Kuba sukkel self met water.

# Solidariteit gaan voort om minister oor Kubane in hof te pak

Deur Alet Rademeyer

Lindiwe Sisulu, Minister van Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie, kan haar maar vir 'n fel stryd rondom die omstrede Kubane-kwessie voorberei.

Terwyl sy die publiek probeer mislei het deur voor te gee dat Solidariteit die saak teruggetrek het én dat die Kubane nie as volwaardige ingenieurs gaan werk nie, sê dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van die vakbond, die eerste oorwinning in die regstryd is behaal danksy omvattende inligting wat oor die Kubane bekend gemaak is.

Die saak is nie teruggetrek nie. Die dringende aansoek is bloot ná 'n ooreenkoms tussen die partye van die rol verwyder. Die bekendmaking van inligting volg op 'n dringende hofaansoek waarin Solidariteit 'n interdikaansoek gebring het hangende die bekendmaking van inligting.

Solidariteit takel die minister in die hof oor haar besluit om 24 Kubaanse ingenieurs vir waterinfrastruktuurprojekte aan te stel, terwyl daar talle plaaslike ingenieurs is wat ook die werk kan doen, maar nie oorweeg is nie.

Die inligting wat Sisulu en haar departement gedwing is om bekend te maak, is skokkend en skreiend. Daaruit blyk dit dat die Kubane wel werkskontrakte het en tot R300 000 per jaar méér as Suid-Afrikaanse ingenieurs betaal gaan word. Hulle kry ook omvattende voordele wat voertuie, akkommodasie en vakansies in Kuba insluit.

Solidariteit het bewys dat die Kubane nie net as mentors gaan werk soos wat Sisulu voorgegee het nie, maar ook dat hulle nie aan die registrasie en lisensiëring voldoen wat die Ingenieursraad van Suid-Afrika (IRSA) vereis nie.

Volgens die inligting gaan belastingbetalers sowat R75 miljoen vir die projek opdok eerder as die R64 miljoen wat aanvanklik genoem is.

Volgens Hermann het die departement die publiek deurlopend oor die kwessie mislei. "Soortgelyke projekte word al die afgelope 19 jaar deur die departement en Kuba gedryf en intussen sien ons hoe ons waterinfrastruktuur verder agteruitgaan. Dit is 'n skande dat ons regering ons eie werkers so in die steek laat. Die departement is arrogant en beledigend teenoor ons eie werkersmag. Hulle sal eerder mislei en inligting probeer wegsteek as om Suid-Afrikaners te help. Ons moet hierdie irrasionele en onwettige besluit ten sterkste beveg."

Sisulu het veral onder kritiek deurgeloop nadat Solidariteit 'n lys met 132 plaaslike ingenieurs verskaf het wat ook bekwaam is om die werk te kan doen.

Sisulu probeer die aanstelling van die Kubane regverdig op grond van bilaterale verhoudinge tussen Kuba en Suid-Afrika. In werklikheid sukkel Kuba self met haglike infrastruktuur en is daar dorpe wat slegs vir twee ure lank elke vyf dae lopende water het.

Suid-Afrika het in die afgelope vyf jaar R1,6 miljard aan Kuba betaal vir dienste wat werklose Suid-Afrikaners kon gelewer het. Die grootste gedeelte van dié geld kom uit die verdedigingsbegroting. Sowat 150 Kubaanse motorwerktuigkundiges moet sedert 2015 militêre voertuie in stand hou en kundigheid verleen om werkwinkels te bestuur.

Altesaam 187 Kubaanse dokters is ook na die land gebring om COVID-19 in landelike gebiede te help bekamp. Dit kos die land sowat R238 miljoen.

Solidariteit gaan binnekort voort met die hersieningsaansoek om die besluit van die minister oor die Kubaanse ingenieurs ongeldig te laat verklaar.



**Dr. Dirk Hermann**, bestuurshoof van Solidariteit.




**Anton van der Bijl**, hoof van regsake by Solidariteit.

FOTO'S: VERSKAF



**Lindiwe Sisulu**, Minister van Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie.

# Solidariteit staan polisievroue by

Deur Alet Rademeyer

Die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) het onlangs gelas dat lt.kol. Annarie Breytenbach, 'n lid van Solidariteit, onmiddellik na die rang van kolonel bevorder moet word en dat haar bevordering na 1 November 2019 terugdateer moet word.

Luidens die uitspraak het die SAPD homself skuldig gemaak aan onbillike arbeidspraktyk. Solidariteit het die saak namens Breytenbach by die KVBA gevoer nadat 'n ander SAPD-lid in 2019 ten koste van Breytenbach in 'n bevorderingsposisie aangestel is. Volgens Solidariteit is ene kol. Nyembe onregverdig bevoordeel tydens die aanstellingsproses en is sy onregmatig in die posisie van kolonel, wat die bevelvoerdersposisie is, by die SAPD se voorraadstoor in Epping, Kaapstad aangestel.

Breytenbach het toe reeds tien jaar in dié pos waargeneem en altesaam 19 jaar ondervinding by die voorraadstoor gehad.

Ronel Stander, organiseerder van die openbare sektor by Solidariteit,


Annemarie Oosthuizen

sê die uitspraak stuur 'n duidelike boodskap aan die SAPD se bestuur. "Solidariteit sal voortgaan om toe te sien dat sy lede regverdig behandel word."

**Polisielede ontslaan ná vals beskuldiging**

Twee polisielede in Klerksdorp, wat hul afdelingshoof valslik van rassisme beskuldig het, is onlangs oneervol ontslaan.

Sedisa Tikoe en Chris Mphana is in Junie 2020 in die Klerksdorp Landdroshof skuldig bevind aan crimen injuria, meineed en dwarsboming van die gereg nadat hulle lt.kol. Annemarie Oosthuizen in 2017 valslik daarvan beskuldig het dat sy hulle die k-woord toegesnou het. Hulle is opgeskorte tronkstraf opgelê.

Die twee is in April in 'n interne tugverhoor skuldig bevind na aanleiding van hul skuldigbevinding en vonnis in die hof.

Oosthuizen is in 2018 in haar tugverhoor daarvan vrygespreek dat sy die k-woord gebruik het nadat Elizabeth Sechele, 'n kollega, getuig het hoe sy gehoor het hoe Tikoe en Mphana saamgesweer het om Oosthuizen valslik te beskuldig.

Oosthuizen is ná die bewerings uit haar pos na die eenheid vir sigbare polisiëring in Klerksdorp verplaas.

Solidariteit het haar deurentyd bygestaan. Die vakbond het Tikoe en Mphana se afdanking verwelkom en gesê SAPD-lede wat hulself aan kriminele oortredings skuldig maak nie toegelaat kan word om in die polisiediens te werk nie.



AfriForum se doel is om 'n stem aan die gemeenskap te gee. Gemeenskappe is tans toenemend onder druk, aangesien die staat in sy plig teenoor die land misluk, wat tot swak dienslewering en onveilige woonbuurte lei. AfriForum het gevolglik besluit om plaaslike takke in gemeenskappe op te rig. Indien jy by die werksaamhede van AfriForum wil inskakel en deel wil wees van die oplossings in jou plaaslike gemeenskap, sluit aan by of stig 'n AfriForum-tak.

## takke



Die AfriForum-span by hoofkantoor.

**Gauteng**
Alberton
Brakpan
Boksburg
Edenvale
Germiston
Kempton Park
Springs
Benoni
Vanderbijlpark
Vereeniging
Krugersdorp
Midvaal
Randfontein
Roodepoort
Westonaria
Apiesrivier
Bronkhorstspruit
Hennopsrivier
Moot
Moreletapark
Pretoria-Wes
Rayton-Cullinan
Roodeplaat
Waverley
Wes-Moot
Fochville
Heidelberg
Centurion

**Vrystaat**
Bothaville
Dealesville
Frankfort
Heilbron
Parys
Bethlehem
Boshof
Harrismith
Senekal
Bultfontein
Kroonstad
Reitz
Steynsrus
Sasolburg
Welkom
Winburg
Bloemfontein-Noord
Fichardtpark
Hospitaalpark
Langenhovenpark
Leeuwberg
Pellissier
Rayton-Heuwelsig
Uitsig
Wilgehof
Zastron

**Oos-Kaap**
Jeffreysbaai
Gamtoosvallei
Port Elizabeth
Elliot
Kamdeboo
Cradock
Aliwal-Noord

**Wes-Kaap**
George
Hessekwa
Mosselbaai
Oudtshoorn
Helderbergkom
Kaapstad-Noord
Kraaifontein
Malmesbury
Overstrand
Robertson
Velddrif
Worcester
Stellenbosch
Vredendal
De Doorns
New Harbour
Kaap Agulhas
Langebaan

**Mpumalanga**
Delmas
Ermelo
Leandra
Piet Retief
Secunda
Standerton
Witbank
Bethal
Middelburg
Belfast
Lydenburg
Machadodorp
Nelspruit
Witrivier
Kranspoort

**Noordwes**
Biesiesvlei
Bloemhof
Christiana
Delareyville
Hertzogville
Sannieshof
Schweizer-Reneke
Vryburg
Brits
Buffelspoort
Coligny
Hartbeespoort
Koster
Lichtenburg
Mooinooi
Rustenburg
Zeerust
Klerksdorp
Potchefstroom
Stilfontein
Ventersdorp
Wolmaransstad
Ottosdal
Reivilo

**KwaZulu-Natal**
Margate
Hluhluwe
Newcastle
Paulpietersburg
Pongola
Richardsbaai
Utrecht
Vryheid
Amanzimtoti

**Limpopo**
Hoedspruit
Marble Hall
Phalaborwa
Pietersburg
Thabazimbi
Thabazimbi-Suid
Tzaneen
Ellisras
Naboomspruit
Nylstroom
Warmbad
Messina

**Noord-Kaap**
Hopetown
Kimberley
Bo-Karoo
Prieska
Strydenburg
Vaalharts
Warrenton
Williston
Kamiesberg
Kathu
Keimoes
Kuruman
Postmasburg
Springbok
Upington
Douglas

Enige navrae oor takke kan gestuur word na **takke@afriforum.co.za**.

# *Ons is hier vir jou®*
# IN UITDAGENDE TYE.
## WAS NOG ALTYD. EN SAL ALTYD WEES.



**Wanneer jy Cashback-begrafnisdekking by AVBOB uitneem, kry jy spesiale voordele* wat *niemand anders* jou kan bied nie, soos:**

### GRATIS begrafnisvoordele ter waarde van *tot en met* R17 000* van AVBOB Begrafnisdiens

- Begrafnis ter waarde van **R12 000**
- **R2 500** vooruit
- **GRATIS** vervoer van die oorledene in Suid-Afrika

+

### GRATIS lidvoordele*

- Aflegging
- **GEEN** premiebetalings vir **SES** maande nie

+

### 5de jaar se premies terug in kontant*

- Eisvry
- **VYF** agtereenvolgende jare
- Premiebetaler

+

### Jou VOLLE POLISUITBETALING

Jy kry dit **ALLES SONDER** enige ekstra koste! Net by **AVBOB** – want ons is 'n *onderlinge genootskap.*

**AVBOB.** ***Ons is hier vir jou®***. Vir meer inligting:

**SMS 30776 – GRATIS** + ons sal jou bel

**0861 28 26 21 #DieNommerOmTeHou** Standaardtariewe geld.

*Bepalings en voorwaardes geld. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** is 'n gemagtigde finansiëledienssteverskaffer. **AVBOB** is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek **www.AVBOB.co.za**

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2021
CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS

NFDA ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

**AVBOB**
**ONDERLINGE GENOOTSKAP**

AVB-AFR-210421

Solidariteit Finansiële Dienste (SFD) is 'n gemagtigde finansiëledienstemaatskappy en deel van die Solidariteit Beweging.

Finansiële beplanning is nie net vir die toekoms nie, daarom wil SDF jou finansiële pad saam met jou stap,
Kry uitnemende diens in Afrikaans – **jou finansies in jou taal!**




Kontak ons gerus vir meer inligting:
0861 101 005
www.sfdienste.co.za
admin@sfdienste.co.za

SFD
Solidariteit Finansiële Dienste